A

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 — PRETORIA

1988-08-02

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - -

VOLUME 427

(Bladsye 24 959 tot 25 037 )

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

DIE HOF HERVAT

MNR JACOBS: Dankie. Ek het gekom waar ek gesê het dat bevestiging van die aard van die vergadering van 26 Augustus 1984 word dan ook verkry oor die volgende stelling wat gemaak word wat ek aanhaal dan. Waarop dit neerkom as ek dit net kort kan saamvat sonder om dit te lees, dat vroeg die oggend van 3 September het mense alreeds gegaan om te verhoed dat werkers werk toe gaan en ook te verhoed dat busdienste behoorlik kan loop. Nou die ware doel agter die beplande wegbly en die opmars op 3 September word ook oopgevlek deur die bewese feite wat nie deur die verdediging weerlê is of kan word nie en dit is dié wat ek die hof netnou na verwys het, al hierdie plekke.

HOF: U praat hier van die Teachers' Training College op bladsy 161 onder die hoof dat dit nie weerlê kon word deur die verdediging nie. As ek reg onthou was daar 'n geweldige debat oor hierdie Teachers' Training College.

MNR JACOBS: My submissie is daar was 'n debat daaroor, daar was teenspraak daaroor maar dit was nie weerlê gewees nie.

HOF: Wat is 'n debat daaroor anders as 'n weerlegging?

MNR JACOBS: Ons submissie is dat die getuienis van die staat aanvaar sal word en dat..

HOF: Die een dame het gesê die ding het gebrand en 'n hele klomp mense het gesê die ding het nie gebrand nie.

MNR JACOBS: Of hulle het gesê hulle het nie gesien dat hy gebrand het nie.

HOF: Ja, 'n mens kan 'n lang debat daaroor hê maar in elk geval dit is nie gemene saak nie.

MNR JACOBS: Eintlik is my stelling ook op bladsy 159 wat nie deur die verdediging weerlê kon word nie, so ons

submissie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

submissie is dat die getuienis van die staat se getuies is korrek in hierdie opsig en dat dit nie weerlê was deur die verdediging nie.

HOF: Wel, ek weet nie of u dit kan sê nie. Daar is een getuie wat sê die ding het gebrand en seker vyf getuies wat sê hy het nie gebrand nie.

MNR JACOBS: Of wat sê hulle het nie gesien dat hy gebrand het nie.

HOF: Wel, maar kyk in die rigting dan sou hulle gesien het as hy gebrand het. In elk geval ek gaan nie 'n lang debat oor die Teachers' Training College met u voer nie. Ek wou u net opneem oor sekere stellings hier. U kan die volgende bladsy as gelees beskou.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag. Kan ek net hierdie dan saamvat op hierdie manier en net dit so stel dat die feit dat daar alreeds die nag van die 2de begin is met geweldpleging en identiese geweldpleging op verskillende plekke wat ons dan hier aanmeld, dit bevestig dat hierdie vergadering van die 26ste en die beplanning wat daar gedoen is nie so onskuldig was as wat voorgegee word nie en wat die verdediging gesê het dit is nie. Ek dink dit vat omtrent daardie hele deel saam. Sal ek dan begin op bladsy 165 as die hof sê ek kan hierdie bladsye oorslaan?

HOF: Mnr Jacobs, as u alles wil oorslaan kan u alles oorslaan. Ek gee u nie toestemming om wat ookal oor te slaan nie dit is u betoog. My punt wat ek aan u maak is dit help nie om my te oorweldig met detail nie want môre is dit weer uit my gedagtes en moet ek in elk geval teruggaan na wat op die papier staan.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag. Ons betoog dan op bladsy 164

is / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is dan 'n respekvolle betoog dat niemand aan hierdie agbare hof met oortuiging kan argumenteer dat 3 September 1984..

HOF: Wel, dit het u klaar opgesom. Dit is tog die punt wat dit oor gaan.

MNR JACOBS: Goed edele. Dan die punt op bladsy 165, die polisie wat so gerieflik beskuldig word deur die verdediging van alles wat plaasgevind het in die Vaal, het moeilikheid verwag op 3 September. Die bevelvoerder van die veiligheidspolisie in Vereeniging het van hulle kant af redelike stappe geneem om dit af te weer en een van die organiseerders van die geweld wat ons submissie een van die organiseerders is te wete beskuldigde nr.3, omdat hy gereken was as 'n invloedryke predikant in die gebied, genader om sy invloed te gebruik om die situasie te ontlont. Hierdie agbare hof is vertroud met sy weiering om enige iets aan die situasie te doen en sy belaglike voorstel dat waar daar klipgooiery uitbreek moet die polisie ook met klippe teruggooi. 'n Man wat so te koop geloop het met sy godsdiens en strewe na vrede het homself bewys as 'n blatante leuenaar en dat hy hoegenaamd nie belang gestel het om die konfrontasie met die owerhede te voorkom nie. In hierdie geval het ek nie dit hier ingebring nie, maar ek dink nog 'n voorbeeld wat baie duidelik hierso van pas is, is sy benadering en sy sienswyse dat geweld nie kan afgeweer word nie, wat blyk uit die transkripsie van die gesprek wat mnr Harris oor getuig het waar hy daar gesê het toe dit daar opgehaal is van kinders wat busse met klippe gegooi het, was sy sienswyse gewees dit raak hom nie, hulle kan die klippe gooi want hierdie mense wat die busdienste bedryf is ook onderdrukkers in die woongebiede. Dit kan ook aangevoer word om te bewys die

houding / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

houding wat hy ingeneem het en om te bewys sy hele benadering teenoor die aksie en die gebeure van die 3de. Wat belangrik is, is dat hy self in samewerking met die organisasies in die Vaal die massas opgesweep het teen die owerhede. In die onderhoud met Harris word dit deur beskuldigde 3 en Hlubi self bevestig dat hulle saamgewerk het met ander organisasies ook die koerante waarop die verdediging so ernstig gesteun het om hul verweer in die hof te bewys, het die deelneem van ander organisasies bevestig. Dit is ook 'n feit dat beskuldigde 1 aan die opswepery deelgeneem het as verteenwoordiger van AZASO, beskuldigde 2 as verteenwoordiger van AZAPO en beskuldigde 16 as verteenwoordiger van SCA en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en in dié verband word na BEWYSSTUK V.31(A) verwys. Ek dink hier is 'n fout dat hierdie bewysstuknommer is V.30.

<u>ASSESSOR</u>: Dit is nou bladsy?

<u>MNR JACOBS</u>: 166.

<u>HOF</u>: Die V.31(A) moet verander word na V.30?

<u>MNR JACOBS</u>: Ja, ek dink ek het 'n fout gemaak hier met die nommer daar. Daar was 'n bietjie verwarring met ons dokumente se nommering gewees.

<u>ASSESSOR</u>: En die bewysstuknommer is ook nog kort.

<u>MNR JACOBS</u>: Ja, ons sal dit nou-nou vir die hof gee. Ek dink dit kom later weer voor dan kan ons.. Die getuienis van majoor Steyn dat beskuldigde 3 nie bereid was om saam met die polisie te werk om moeilikhede in die woongebied in die Vaal te verhoed nie, was nie betwis nie, maar in werklikheid bevestig. Al hierdie getuienis bevestig en versterk die feit dat die ware doel van die wegbly-aksie en optog, gewelddadige konfrontasie was. Die getuienis deur die verdediging

aangebied / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aangebied het almal probeer om hierdie agbare hof te oortuig dat skoolgaande jeug nie sou deelneem aan die wegbly-aksie en die opmars nie. Die leuen hierin word bevestig deur die feit dat beskuldigde 5 op beide vergaderings van ERPA en VCA op 26 Augustus 1984 spesifiek die boodskap tuisgebring het dat die jeug met ander inwoners in die Vaal saam is in die stryd teen die verhoogde huur, raadslede en die raadstelsel. Niemand kon of wou aan hierdie agbare hof vertel van hoedat die jeug sou help nie. Al wat hulle gesê het was dat die jeug nie sou deelneem nie. Die rede vir dié poging om die jeug te distansiëer van gebeure op 3 September 1984 is die hoë waarde wat geheg word aan die militantheid van die jeug. In die dokumentêre getuienis en videos kry die hof oorvloedige bewys van die groot waarde wat UDF en sy geaffilieerdes heg aan die militantheid van die jeug en hulle bereidwilligheid om aktief tot die stryd oor te gaan teen die owerhede. In BEWYSSTUK CA.21 wat in besit van die verdedigingsgetuie S Vilakazi was, word aan die hof 'n beeld gebied van die ANC se hoë premie op die vermoë en potensiaal van die jeug in die stryd. Ons haal slegs gedeeltes aan uit wat Wehle Nhlapo, hoof van die jeug, te sê het onder die opskrif: "The youth is the task force of the people". Nou in die stuk, ek sal dit nie aanhaal nie, word dit spesifiek gemeld watter waarde die UDF - nie die UDF nie, die ANC heg aan die deelname van die jeug en hulle militantheid in die stryd om dit verder te voer en om 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika tot stand te bring. Ek het die dele wat baie belangrik is ook onderstreep. Dit is ons respekvolle betoog dat daar direk beplan was deur die organiseerders en VCA aktiviste om die jeug ten volle te betrek in die aksie van 3 September



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

1984 en daarom het beskuldigde 5 spesifiek die boodskap van deelname deur die jeug op die vergadering oorgedra. Dit is ook sekerlik so dat Esau Raditsela, beskuldigde 5 en die ander aktiewe leiers op die vergadering wou gebruikmaak van die militantheid en gereedheid vir aktiewe strydvoering, dat dit werklik en doelbewus gedoen was word bevestig deur VCA se kennisgewing wat Esau Raditsela uitgestuur het waarin by herhaling beklemtoon was en ek het dit in aanhalingstekens "kinders" - "children" - wat hy gebruik het, oral in die Vaal deelgehad het aan besluite wat geneem was op die verskillende vergaderings in die Vaal en dat hulle gereken word as 'n integrale deel vir wat op 3 September 1984 beplan word. Sien BEWYSSTUK AN.15(1) moet daar inkom en AN.15(2). Dit is op bladsy 168 waar daardie plekke aangevul moet word. Hoedat hierdie beplanning vir die aanwending van die militante jeug gerealiseer het word bewys deur hul dade op die 3de en dan haal ek net weer aan dat die jeug verhoed en intimideer werkers om nie te gaan werk die oggend nie. Die jeug is verantwoordelik vir klipaanvalle, jeugdiges wat verantwoordelik is vir aanvalle op die polisie; jeugdiges wat betrokke is by padblokkades in die woongebied. In hierdie verband word daar verwys na die getuienis vir die verdediging, die koerantman wat getuig oor die militante jeugdiges by die padblokkade naby die BP-garage wat op die roete was. Jeugdiges wat aanvalle op geboue en persone van raadslede en raadseiendomme betrokke was en bevestiging van die gebeure in Sharpeville, byvoorbeeld die getuienis van P Nhlapo vir die verdediging geroep. Dit is ons respekvolle betoog dat die ware feite van wat werklik gebeur het die leuenagtigheid van al die verdedigingsgetuies wat voorgegee het dat veral die skoolgaande (30

jeug / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

jeug nie in die gebeure van 3 September 1984 betrek was nie, vals was en dat hulle die hof wou mislei. Dit alles bevestig die ware doel van die wegbly-aksie en opmarse om die algehele beplanning van 3 September naamlik gewelddadige konfrontasie ter uitvoering van die kampanje teen swart plaaslike besture van die ANC en UDF. 'n Feit oor die jeugdige deelname wat oorweging verg is die menige getuies wat gevra was om 'n oordeel te vel oor die ouderdomme van jeugdiges by die verskillende byeenkomste - ek sien daar staan ooreenkomste, dit is eintlik byeenkomste, byvoorbeeld die opmarks vanaf Small Farms wat uit duisende mense bestaan het. Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie getuies onmoontlik 'n betroubare skatting kon maak van ouderdomme onder sulke groot skares maar nogtans het hulle dit gedoen en hier vir die hof kom sê wat hulle opinie daarvan was.

Nou die volgende wat ek behandel is die Masenya-insident. Dit wat ons noem die Masenya-insident op die vergadering van 26 Augustus 1984, betoog ons respekvole het ook besondere betekenis en lewer bewys van die ware doel van die aktiwiteite van die 3de. Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie gebeure geoordeel moet word nie in isolasie nie maar in agneming van die feite hierbo uiteengesit. Die volgende word dan ook vir oorweging aangegee. 1, dit is gemene saak dat Masenya op die vergadering verhoed was om sy saak te stel. 2, dit is gemene saak dat 'n vrou die oorsaak van die insident was. 3, dit is gemene saak dat die gehoor baie oproerig geraak het omdat die vrou hulle aandag daarop gevestig het dat hy voorheen te doene gehad het met raadslede en die raadstelsel, dat hulle hom dinge toegesnou het. 4, die verskeie getuies vir die verdediging het bevestig (a), dat die gehoor kwaad was



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vir die raadslede en die raadstelsel; (b), hulle was so oproerig dat dit twee persone geverg het om hulle tot bedaring te bring; (c), Masenya self het getuig dat die vergadering baie oproerig was. Hierdie besondere insident beklemtoon twee uiters belangrike feite: die feit dat die sprekers op hierdie vergadering daarin geslaag het om die gehoor tot so 'n mate op te sweep dat toe 'n moontlike ondersteuner van die raadslede en raadstelsel geïdentifiseer was in hulle midde het hulle tot uitbarsting gekom. Die tweede feit bevestig nogmaals hoedat die verweer van die verdediging oor wat die vrou, Masenya en die gehoor sou gesê het nie gerealiseer het nie. Die eerste feit is vanselfsprekend en behoef geen verdere betoog nie en die tweede feit wil ons sekere aspekte aanvaal en voor die hof lê ter oorweging. Die getuienis van Masenya was dat hy 'n vraag gevra het wat beantwoord was en toe hy iets verder wou sê was hy in die rede geval deur die vrou (Maria Dhlamini). Die skare het oproerig geraak en hy is vir sy verbondenheid aan die raadslede met die dood gedreig. Die verweer wat aan hom gestel was het die volgende punte behels:

(a) "And did you say: 'I fully agree with the previous speakers in condemning the new rental increase of R5,90." (Wat hy ontken het).

(b) "...I want to put to you that those are your words and that you said 'I also want to say something about the councillors'..."

(c) "... and the moment you mentioned the word councillors a Mrs Maria Dhlamini stood up and appealed to the chair about you."

En dit is belangrik om op hierdie stadium alreeds uit te

lig / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

lig: "appealed to the chair".

(d) "Now do you recall that she said to the chairman that you, the speaker, had to first dissociate yourself with the councillors."

en hierdie "dissociate yourself with the councillors" is ook 'n belangrike punt wat op hierdie stadium al in gedagte gehou moet word. Beskuldigde 10 se getuienis bring die K1454 eerste ernstige afwykings: (a), Maria Dhlamini het hom onderbreek en haar tot die voorsitter gewend. (b), sy het 'n beroep op die voorsitter gedoen om vir Masenya te vra dat hy moet praat oor die huurvraagstuk - dit is alreeds 'n ander afwyking dat hy gevra word om te praat - hier is ook 'n regstelling, edele, Mahlati se getuienis dat hy nog nie gepraat het toe hy gestop was, en hierdie "hy" verwys nou na Masenya, dat toe hy onderbreek was het die gehoor oproerig en kwaad geword en dit blyk dat Masenya met die dood gedreig was omdat hy gekoppel was aan raadslede. Hy was ook gevloek gewees. In kruisondervraging was die spesifieke verweer in hooftrekke herhaal en al waar daar nou 'n verskil inkom is die vorige keer is gesê dat hy moet die raadslede "renounce". Hier word gesê hy moet die raadstelsel "renounce" in hierdie aanhaling en dit wys ons daar uit, een is die raadstelsel, voordat hy toegelaat word om te praat. 5, beskuldigde 10 se getuienis bring die eerste ernstige afwyk-
K1455 ings: Maria Dhlamini het hom onderbreek en (opname foutief) Goed, ek sal dan weer herhaal, die eerste punt wat belangrik is is dat hy moes praat oor die huurvraagstuk. Hy was genooi om te praat oor die huurvraagstuk, hoedat dit hom affekteer en om nie die raadslede hoegenaamd te noem nie omdat sy bang was dat Masenya een van daardie persone was wat na

vergaderings/ ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergaderings gereël deur die mense kom en daar slegpraat van ander terwyl hy gekoppel is aan daardie mense van wie hy slegpraat. Sy het gesê sy sê dit omdat sy bewus was dat Masenya 'n aktiewe ondersteuner van die raadslede was en deelgeneem het aan die raadstruktuur op plaaslike vlak ten daarom doen sy 'n beroep op die voorsitter om Masenya te versoek om sy toespraak te beperk tot die huurvraagstuk en nie te praat oor raadslede nie. Dit is 'n aanhaling van sy getuienis soos dit daar staan, edele. Beskuldigde 8 wat saam met beskuldigde 10 by dieselfde tafel gesit het en moes gehoor het wat beskuldigde 10 gehoor het, se getuienis is die volgende: Masenya het gesê hy stem saam met die mense se insig omtrent die huur as inwoner van gebied 7 en die probleme wat ondervind word in die gebied. Masenya het toe begin om iets te sê oor raadslede wat hy nie kon hoor nie. Maria het hom toe onderbreek en gesê dat hy sy standpunt ten opsigte van die raadslede moet stel voordat hy enige iets sleg sê of sleg praat van raadslede. Hyself moet homself disassosiëer van die raadslede omdat hy in 1983 gestaan het as kandidaat vir die verkiesing op die raad. Gevolglik kon Masenya nie praat nie omdat oproerigheid uitgebreek het. Die volgende is: gedurende kruisondervraging brei hy uit en weerspreek homself ook as hy getuig dat Masenya wel oor die raadslede gepraat het en gesê het dat hy die raadslede blameer vir die huurverhogings. Verdere weersprekings is sy storie wat verander word en uitgebrei word oor wat Maria toe sou gesê het. Sy het gesê hy moet sê aan watter kant van die draad hy is veral aangesien hy nou die raadslede blameer. En dit is eienaardig dat hy nou al die raadslede blameer het, waar hy voorheen gestop was as 'n mens vat hy het nog nie eens iets gesê oor die raadslede

nie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. Verder het hy gesê daar was toe mense uit die gehoor wat die vroumens ondersteun het deur te sê Masenya moet sy standpunt aan die vergadering verduidelik, wat sy standpunt is alvorens hy iets verder kan sê. Die bewering dat die vrou Maria haar op die voorsitter beroep het word deur beskuldigde 8 synde die tersaaklike voorsitter, weerspreek en hy getuig dat hy nie weet of sy 'n beroep op hom gedoen het en of sy Masenya direk aangespreek het nie, want die geraas was te groot. Nou dit is eienaardig dat hier nou 'n geraas was wat te groot was op 'n stadium toe sy nog nie eens gepraat het nie of dat hy nie kon hoor wat sy sê nie, want die geraas het tog eers ontstaan nadat sy haar kant gestel het. Mev Olifant wat ook saam met beskuldigdes 8 en 10 voor op die verhoog gesit het, se weergawe van die gebeure verskil ook drasties van die gestelde verweer en getuienis. Sy getuig dat sy hom die eerste keer gesien het en dit is nogal stawing vir sy getuienis, toe hy opgestaan het en iets gesê het oor die raadslede. Dit bevestig die getuienis van Masenya dat hy slegs een keer daar opgestaan het om 'n vraag te vra en daarna te praat. Sy kon nie onthou wat hy oor die raadslede gesê het nie toe hy gestop was deur 'n vrou. Die vrou het hom gestop deur te sê dat hy, Masenya, moet stilbly - hier is dit direkte aanspreking van Masenya - omdat hy vroeër gestaan het as kandidaat vir die raadsverkiesings. Nadat hy nie geslaag het om verkies te word nie, het hy nou gekom om homself met die massas en die gemeenskap te identifiseer. Beskuldigde 5 wat ook op die verhoog was, se getuienis was deur Masenya se woorde aan te haal. Die eerste deel haal hy aan en dan gaan hy aan met die volgende: Maria het gesê Masenya moet nie toegelaat word om te praat



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. Sy het gesê Masenya het gestaan as kandidaat in November 1983: "As dit nou nie duidelik gemaak word op hierdie huidige oomblik of hy nog in samewerking is met raadslede of nie, moet hy nie toegelaat word om te praat nie. Getuie Kahla Nomane se getuienis was dat Masenya gesê het dat hy nie saamstem met die metode wat gevolg was om die huur te verhoog nie. 'n Vrou het toe gesê hy moet nie toegelaat word om te praat nie omdat hy self gestaan het in die verkiesing as kandidaat. Getuie Zulu deur die verdediging geroep het bevestig dat Masenya niks gesê het toe hy gestop was om te praat nie omdat hy 'n raadslid was. Verdedigingsgetuie Mgudlwa het getuig dat Masenya iets gesê het wat hy nie kon hoor nie. 'n Vrou het toe gesê die man mag nie praat nie omdat hy deelgeneem het aan die raadsverkiesings as kandidaat, waarop die vergadering oproerig geword het. Verdedigingsgetuie Nyembe het die getuienis van Masenya bevestig dat hy nog niks gesê het toe hy verhoed was om te praat nie. 'n Vrou het toe gesê dié man was betrokke by die sake van die raadslede en vandag wil hy hierdie vergadering toespreek. Voordat hy iets kan sê moet hy sy posisie duidelik stel en onmiddellik het die vergadering oproerig geraak. Direk daarna kry ons 'n voorbeeld waar 'n vraag op 'n foutiewe feit aan die getuie gestel word, naamlik of Masenya dadelik - die woord wat gebruik is was "immediately", na hierdie voorval opgestaan en geloop het. Sy getuienis was dat hy nog vir ongeveer vyf minute daar vertoef het totdat die vrou Maria uitgegaan het en toe het hy opgestaan en ook uitgegaan. Nou as ek net 'n oomblik hierby kan stilstaan. Hierdie insident word belangrik want dit is belangrik dat op hierdie vergadering geweld verkondig was of nie en hierdie insident word juis gebruik, hierdie

getuienis / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

getuienis, om te bewys soos die verdediging dit stel dat daar nie geweld verkondig was of dat Masenya glad nie met die dood gedreig was nie. Nou dit is een van die punte waar ons dan verskillende verwere gekry het. Nou is ons vraag, as dit nou geargumenteer word dat Masenya se getuienis nie aanvaar moet word nie of moet verwerp word, wat is dan die weergawe wat gevra gaan word moet aanvaar word? Sal dit dan die versoek van die verdediging wees dat Masenya gesê is hy moet homself eers disassosiëer van die raadslede, óf dat hy moes praat oor huur en die vraagstuk van raadslede glad nie moet noem nie omdat hy een van daardie mense is wat agter ander mense se rug slegpraat van hulle, of gevra word dat hy eers sy standpunt moet stel met betrekking tot raadslede voordat hy slegpraat van hulle, óf sal dit gevra word dat aanvaar moet word dat hy gesê is hy moet stilbly omdat hy vroeër gestaan het vir die raad; óf het hy nou gekom om homself met die gemeenskap te identifiseer, hy moet nie toegelaat word om te praat nie want hy was 'n kandidaad; hy moet nie toegelaat word om te praat nie want hy is 'n raadslid - watter een van al hierdie verskillende weergawes moet die hof gevra word om te glo? Ons respekvolle submissie is dat die getuienis wat deur die verdediging aangebied is nie die verweer wat aan die getuies vir die staat gestel was ondersteun nie. Sekerlik kan die verdediging nie hierdie agbare hof vra om die getuienis van die staat as onbetroubaar te bevind nie waar hulle gekruisvra was op grond van 'n gestelde verweer wat onwaar is omdat dit nie gerealiseer het nie; dit is ook opmerklik hoedat daar werklike wesenlike verskille is in die getuienis gelewer deur die verdedigingsgetuies wat ook selfs die staatsgetuies staaf. Dit is ook ons respekvolle

betoog / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

betoog dat die verweer en verdedigingsgetuienis soos voor die agbare hof voorgelê is, 'n poging was om weg te kom van die aanstigting tot geweldpleging en dat die verweer en getuienis nie hierin geslaag het nie. Al die getuies het probeer om hierdie hof te probeer oortuig dat Masenya wel 'n geleentheid gebied was om te praat. Dit kan al die getuies onthou en het uit hul pad gegaan om dit te benadruk hoewel van hul getuies baie swak gevaar het in kruisondervraging. Dit is ons respekvolle betoog dat dit hoogsonwaarskynlik is dat met die organiseerders se aanstigting teen die raadslede en raadstelsel die bewese woede teen die raadslede en raadstelsel dat aan Masenya 'n geleentheud gebied was om te praat soos hy getuig het. Dit is gevolglik ons respekvolle betoog dat die staat se getuienis aanvaar word as korrek en dat hierdie agbare hof aanvaar dat die volgende wel op hierdie vergadering gesê was: dat Masenya gedreig was dat hy gedood sou word omdat hy gekoppel was aan die raadslede en die raadstelsel; dat die eiendom van raadslede aan die brand steek of gebrand moes word. Dit word bevestig deur die werklikheid van die gebeure op 3 September. Die derde een, dat mense wat sou gaan werk op 3 September 1984 ôf die verhoogde huur sou betaal staan gevaar om beseer of gedood te word. Dit word ook gestaaf deur die verskillende gebeure op 3 September en bevestig dat busse wat werkers vervoer het met klippe gegooi was en werkers deur jeuggroepe verhoed was om te gaan werk. (4), dat Kabi wel die mense aangestig het om drasties teen raadslede op te tree en dat veral raadslid Diphoko gedood moes word. Ek het daar nie 'n verwysing nie, ek sal dit vir die hof later insit. Ook word die werklikheid bevestig toe op 3 September 1984 Diphoko wel vermoor was

gedurende / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gedurende die onluste deur die massas wat stawing bied vir hierdie stelling.

Dan gaan ons na die volgende aspek wat belangrik word, 3 September 1984 se gebeure by Small Farms. Dit is ons respekvolle betoog dat die keuse van 3 September 1984 as die dag waarop die organisasies in die Vaal die massas in die Vaal gemobiliseer het vir verenigde aksie teen die owerhede nie ŉ toevalligheid was nie, maar dit was die dag waarop die eerste sitting van die nuwe driekamerparlement plaasgevind het. Dit is ook duidelik dat die organisasies in die Vaal dit beplan het om te verseker dat ŉ groot menigte mense versamel word. Dit word bevestig deur die kennisgewings van Esau Raditsela namens VCA uitgestuur om die mense bymekaar te bring. ŉ Baie belangrike feit wat deur die kennisgewings openbaar word is die feit dat daarin niks gemeld word van die opmars nie. Dit is betekenisvol in die sin dat die organiseerders ook neutrale mense wou betrek, eers almal bymekaar kry en dan sou hulle daarvandaan gelei word en betrek word in die geweldpleging. In dié verband kan ŉ mens net weer in gedagte hou dat daar selfs verdedigingsgetuies was wat weggevlug het van die mars af. Hierin het hulle ook goed geslaag as gelet word op die aantal getuies wat die verdediging geroep het, wat nie aan aktiewe politieke bedrywighede deelgeneem het nie, aan geeneen van die organisasies in die Vaal behoort het nie en bloot net opgedaag het by die versamelplekke op 3 September 1984. Dit is gemene saak dat die VCA aktiviste op 2 September 1984 ŉ vergadering gehou het om die aktiwiteite vir 3 September 1984 te reël. Ek het hier ŉ gedeelte wat volg, ŉ gedeelte oor Sharpeville se vergadering op die 2de. Ek het dit hier ingebring

omdat / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

omdat dit alles gaan oor die geloofwaardigheid van my getuies wat hieroor getuig het, oor die gebeure op die 2de - IC.8 - om dit net hier in te skakel. Ek dink dit word ook weer behandel wanneer dit kom by die Sharpeville-deel. So die volgende deel wat hier behandel word voor 3 September is alles deel daarvan om net hierdie getuienis as 'n eenheid hier te hê. Of is dit nou - ek sal net seker maak of dit hier is. Nee, dit is nog nie by daardie deel nie, ek sal hier aangaan. Die eerste punt, dit was eers na die verskeie vergaderings wat op 26 Augustus gehou was dat 'n petisie genoem was behalwe vir Sharpeville. Die petisie wat in Sharpeville ter sprake was het nooit gerealiseer nie en die getuienis daaroor aangebied was so weersprekend dat dit nie geglo kan word nie. Die petisie wat op die 2de bespreek was het ook nooit gerealiseer nie, is nooit by hierdie agbare hof ingehandig nie; selfs nie eers op 9 September 1984 toe die vergadering tussen owerhede en verteenwoordigers van die gemeenskap gehou is, het enige van die petisies ter sprake gekom of was dit oorhandig nie. Selfs nie eers waar beskuldigde nr.3 persoonlik teenwoordig was nie. Kort na die uitbreek van die geweld op die 3de het Esau Raditsela en Dorcas met behulp van aktiviste in UDF uit die land gevlug en hy was die persoon wat in besit sou gewees het van die petisie. Nou mens kan die vraag hierby vra, hoekom het hulle gevlug as hulle alles so onskuldig beplan en gedoen het?

Nou die oggend van 3 September. Die gebeure te Small Farms se Roomse Kerk moet beoordeel word aan die hand van die gebeure vroeg die oggend in Sebokeng. Raadslid Motjeane se huis - ek gaan hierdie gevalle ook oorslaan. Dit is van die gevalle wat ek net herhaal van die verskillende gebeure

daardie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie oggend.

ASSESSOR: Gaan u na bladsy 184 nou?

MNR JACOBS: Ek kyk net waar kan ek aangaan. Ja, ek sal op 184 onder begin. Die verweer wat algemeen aangebied was was dat dit daar in en by die kerk deur Esau Raditsela sowel as beskuldigdes 8 en 17 verkondig was dat dit 'n vreedsame opmars moet wees en dat "marshalls" aangestel was om die opmars te beheer en wat moes toesien dat alles vreedsaam verloop. Ook dat daar geen konfrontasie met die polisie moet wees nie. Ons betoog darenteen is dat hierdie verweer 'n blatante leuen was en ons vra die agbare hof om dit in die geheel te verwerp as vals en onwaar. Daar is verskeie aspekte wat die valsheid van hierdie verweer bevestig. Punt 1, hierbo is alreeds uitgewys hoedat die Evaton/Sebokeng omgewing reeds al sedert die vorige nag geteister was met voorbereidings vir geweld, met padblokkades, intimidasie en geweldpleging. Tewens, dit is uitgewys hoedat geweld en voorbereiding vir geweld in die hele Vaalgebied voorgekom het. Kan enige iemand met eerlikheid beweer dat hulle in 'n gebied geteister met geweld 'n vreedsame optog wou hou na die intensiewe opsweping van die gemeenskap? Punt 2, 'n ander aspek wat hierdie verweer die nek inslaan is die weergawe van die beskuldigdes se verweer wat aan die staat se getuies gestel was maar wat nooit gerealiseer het nie en waarna in die getuienis hieronder verwys word. Dit is eintlik in die betoog hieronder verwys word. Punt 3, 'n ander aspek is die wesenlike weersprekings in die getuienis van die verdediging oor wat plaasgevind het by die Roomse Kerk die oggend van 3 September 1984. Nou die volgende is die staat se weergawe wat ons op hierdie aspek gee. IC.8 het

getuig / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

getuig dat die vergadering op 2 September 1984 in die Anglikaanse Kerk te Sharpeville plaasgevind het, dit is die kerk van beskuldigde nr.3 - dit is die deel wat ek nou-nou oor gepraat het en as 'n eenheid hou, die gebeure in die kerk in Sharpeville. Ek gaan dit op hierdie stadium oorslaan en dan gaan en net konsentreer op die Roomse Kerk. Ek begin dan weer op bladsy 188. Volgens die getuies IC.8 en Mahlatsi deur die staat geroep het die volgende by die Rooms-Katolieke Kerk in Small Farms gebeur:

1. Getuie Mahlatsi, beskuldigde 8 en Ephraim Dibate, aldrie lede van gebied 3 se gebiedskomitee het saam tussen 08h00 en 08h30 na die betrokke kerk gegaan.
2. Dit is gemene saak dat daar om en by 09h00 'n kort vergadering gehou was in die saal daar.
3. Toe Mahlatsi en beskuldigde 8 daar aangekom het, het hulle vir Esau Raditsela en beskuldigde 17 daar aangetref. Esau het toe gesê hulle wag vir mense en skoolkinders (COSAS) om te arriveer. Hierdie getuienis was nie weerlê nie maar in wese erken deur die verdediging.
4. Toe die jongelinge - die ouderdomme was geskat tussen 19 en 21 - daar gearriveer het en nie geklee was in skooluniforms nie het Esau vier van hulle geneem, is hulle weg om kartonne en materiaal vir die maak van die pamflette te gaan haal.

Hierdie getuienis was nie in kruisverhoor aangeval nie maar in wese bevestig. Dit is eers wanneer die verdediging getuig het dat daar 'n teenstrydige weergawe aangebied word. Dit word ook hieronder bespreek. Mahlatsi, beskuldigde 8 en beskuldigdes 15 en 17 en Dibate het daar gewag. Esau Raditsela en die jeugdiges het later teruggekeer met stukke

karton / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

karton en merkpenne. Die jeugdiges het begin om die plakkate te skryf terwyl Esau hulle voorgesê het om daarop te skryf. Hierdie getuienis was nie betwis in kruisondervraging nie maar in wese erken. Eers toe die verdedigtingsgetuies getuig het is 'n teenstrydige weergawe te berde gebring en dit word ook later bespreek. Daar het reeds 'n groot aantal mense vergader en Esau Raditsela het hulle versoek om in die saal in te gaan, wat hulle gedoen het. Die saal was vol mense, voor die ingang het ook baie mense gestaan. Hierdie getuienis dat die saal vol was en dat die mense buite die saal saamgedrom het word bevestig deur getuie IC.8 wat weens die feit dat die saal vol was toe hy en beskuldigde 2 daar arriveer het, moes deurdruk om die platform te bereik. Mahlatsi het getuig dat Esau en die mense wat hom gehelp het met die maak van die pamflette is toe in die saal in met die plakkate. Hierdie getuienis word in wese gestaaf deur IC.8 se getuienis dat toe hy en beskuldigde 2 na die platform gegaan het was Esau Raditsela, beskuldigde 8 en beskuldigde 15 en nr.17 by die platform. Ook hierdie getuienis is in groot mate bevestig deur die verdediging wat beweer het dat eers beskuldigdes 8 en 17 op die verhoor was en daar gepraat het. Mahlatsi het getuig dat omdat daar so baie mense was kon hy nie in die lokaal inkom nie en moes hy by die deur van die lokaal staan tussen die mense daar. Verskeie van die getuies deur die verdediging geroep het bevestig dat mense voor die deur van die lokaal saamgedrom het terwyl Esau Raditsela die mense binne in die lokaal toegespreek het. Die mense wat binne in die saal was het vryheidsliedere gesing volgens die getuienis van beide Mahlatsi en IC.8. Hierdie feit is deur weersprekende getuienis van

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die verdedigingsgetuies betwis. Sommige het beweer dat daar geen vryheidsliedere gesing was nie terwyl ander sê daar was. Dit is reeds genoem dat Mahlatsi getuig het dat Esau Raditsela en die ander die lokaal ingegaan het met plakkate. Hierdie getuienis van hom was nie betwis in kruisondervraging nie. Hierdie getuienis is ook bevestig deur getuie IC.8 dat hy verskeie plakkate in die saal opgemerk het. Dit was handgemaakte plakkate. Daarop het bewoording gestaan soos "Kill Mahlatsi and brothers", "Away with high rents". Nou vanwaar getuie Mahlatsi gestaan het buite die deur van die lokaal kon hy hoor dat Esau Raditsela die mense toespreek en dat hy die volgende gesê het: as die mense die saal verlaat gaan die opmars begin; die mense moet die mars vorm deur in rye te staan; plakkaatdraers moet plek inneem aan die voorpunt van die mars, dat hulle vandaar sou gaan na die huis van raadslede om die plakkate daar te vertoon sodat hulle bedank en as hulle nie bedank nie moet hulle gedood word en hulle eiendomme moet aan die brand gesteek word. Dit is belangrik dat ʼn dokument getitel "Vaal Case Study" en gehou was deur UDF in hulle kantore waar dit gevind is bevestiging tot ʼn mate verleen aan die getuienis van Mahlatsi. Die volgende twee dele vat van wesenlike belang is word aangehaal wat UDF se betrokkenheid ook daar bevestig. Die verskillende organisasies in die Vaal se samewerking en stawing vir Mahlatsi word aangehaal. Nou "Sheet 2, p.1":

> "<u>Opposition to rent increases</u>
>
> Opposition however when it did come, came in the form of organized and legal resistance.."

Nou dit is ʼn belangrike stelling hier "organized", dit is georganiseerde teenstand wat daar ontwikkel het.

"Resident / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"Resident and union organizations such as The Vaal Civic Association, the Sharpeville Anti-Rent Committee, the Vaal Women's Organization, COSAS, AZAPO, the United Democratic Front and various local trade unions such as the Orange Vaal General Workers' Union, Engineering and Allied Workers' Union."

Dit is almal dan wat saam gewerk het. Hier kry ons weer bevestiging in hierdie eerste aanhaling van spesifiek wat ek hier wil noem Sharpeville Anti-Rent Committee wat ook hier ingeval het met hierdie georganiseerde weerstand wat daar ontwikkel het in die Vaal.

"On Monday morning (3.9.84) the people met in Sebokeng and decided to march to Houtkop administration offices. A decision to invite the Lekoa Town Councillors to join them was also taken."

Ons onderstreping hier is dan die kwessie waar ek sê waar die stawing kom ook, dat 'n "decision was taken" om daardie mense saam te neem om hulle te gaan sien. Dan hierdie word gestaaf amper in identiese, of mens kan sê identiese terme in 'n ander dokument wat deur UDF self uitgegee is en UDF en ander geaffilieërdes en aktiewe ondersteuners. Die dokument "Repression in a time of reform", word identiese bevestiging gevind op bladsy 24 van daardie dokument word daardie aanhaling weer gegee, watter organisasies dit is en weer word daar genoem ook dat UDF daarby betrokke is by die organisering van die dinge en ook AZAPO - die vorige een het ook AZAPO genoem. En wat meer is die stelling wat ek gemaak het wat vir die getuie in 'n mate staaf is weer word daar hier verwys daarna dat die raadslede sou die prosessie - by die prosessie aangesluit het. Dit word ook weer hier

herhaal / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

herhaal. Dit sê hierso:

> "2 000 Sebokeng residents decided to march to the Houtkop administration offices and invited the Lekoa town councillors to join them.
> On their way to the administration board offices they stopped at the home of councillor Caesar Motjeane and asked him to join them. Instead he allegedly opened fire on the crowd, hitting two people."

Nou die getuienis van IC.8 het ook die getuienis van Mahlatsi grootliks gestaaf en volgens hom sou Esau die volgende gesê het, dit is nou tyd, ons marsjeer nou na Houtkop toe. "We are going to kill Mahlatsi and brothers"; huise en eiendom van die raadslede moet vernietig word. Eiendomme van polisie moet vernietig word. Eiendomme van die Vaal Transportkorporasie moet vernietig word; eiendomme van die gewone inwoners moet nie aangeraak word nie. Dit is ons respekvolle betoog dat die getuienis van die twee staatsgetuies mekaar nie weerspreek nie, maar mekaar aanvul. Getuie Mahlatsi het buite die lokaal gestaan tussen ander mense vanwaar hy geluister het na Esau. Volgens hom was daar 'n geraas en hoewel hy gesê het dat hy alles gehoor het is dit tog moontlik dat hy nie alles so goed gehoor het as getuie IC.8 wat in die onmiddellike omgewing van Esau Raditsela was nie. Gedurende kruisondervraging het 'n klompie belangrike feite aan die lig gekom wat die getuienis van die staat gesterk en bevestig het. Die eerste, Mahlatsi het bevestig dat hy, beskuldigde 8 en E Dibate die oggend deur Evaton moes loop na die bymekaarkomplek te Small Farms. IC.8 en beskuldigde 2 het vanaf gebied 3 gekom om aan te sluit by die groep by die Roomse Kerk, Small Farms. Die feit



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat hierdie gebiede toe alreeds geteister was deur oproerigheid en geweld is sterk bevestiging vir hul getuienis dat Esau geweld aangemoedig het. Mahlatsi het bevestig dat Esau Raditsela gevlug het na die onluste in die Vaal. Dit word ook bevestig deur IC.8 en dan blyk dit dat hy land-uit gevlug het. Ek verwys na die plekke waar dit gevind word, daardie verwysings. Alleenstaande beteken die feit dat Esau uit die land gevlug het seker nie veel nie maar ons respekvolle betoog is dat as dit beoordeel word in die samehang met al die ander feite dat dit die gewig kry wat die kameel se rug breek. Die vraag kom natuurlik op dat as alles so vreedsaam beplan en gedoen was hoekom het hy die land uitgevlug. Die verweer wat nie gerealiseer het nie maar wat drasties verander het, dit word vervolgens volledig behandel. Dit is ons respekvolle betoog dat daar aan Mahlatsi en aan IC.8 verwere gestel was wat nie gerealiseer het nie maar wat drasties verander het. Dit was so ingrypend van aard dat met respek gesê kan word dat die twee staatsgetuies se geloofwaardigheid getoets was aan die hand van valse verweer oor hierdie aspek van die getuienis. Dit kan ook nie aanvaar word dat 'n advokaat met die ondervinding en aansien van mnr Bizos doelbewus sulke foutiewe stellings aan die staatsgetuies sou gemaak het nie. Die enigste redelike afleiding wat ons dus kan maak is dat hy wel die verwere wat die beskuldigdes aan hom verskaf het aan die getuies gestel het. Dit word ook bevestig deurdat basies dieselfde stellings aan die twee getuies gemaak was - in sommige gevalle. As dit wel die geval was beteken dit dan dat die verdediging se verweer willekeurig verander het soos die verhoor gevorder het. Dit op sigself steun die

korrektheid /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

korrektheid van die staat se getuienis en bevestig die staatsgetuies se betroubaarheid en geloofwaardigheid. Dit is ook ons respekvolle betoog dat hierdie agbare hof nie met oortuiging en in alle erns gevra kan word om die getuienis van IC.8 en Mathlatsi te verwerp as onbetroubaar en ongeloofwaardig wanneer die basis van die kruisondervraging vals is nie. Ons wil graag die agbare hof se aandag op die volgende vestig: Een, dit was aan Mahlatsi gestel dat dit nie deur een van die beskuldigdes onthou kon word dat Esau Raditsela weggegaan het, saam met kinders om karton te gaan haal nie maar dat hulle saamstem met getuie dat die kartonne gebring is en daar plakkate gemaak was. Dit was ook gestel dat die plakkate gemaak was deur verskillende persone, beide volwassenes en jeugdiges en dat dit in die vierkant plaasgevind het. Aan getuie IC.8 was dit gestel dat die "people" die plakkate gemaak het. Dit word dan ook so gekwalifiseer: "Did you not see some of them, I do not want to suggest that all of them were doing it, but did you not see some of them preparing placards". Dit was nooit aan die getuies gestel dat beskuldigdes 8 en 9 plakkate geskryf het nie, terwyl Esau die kartonne gesny het en twee ander persone die kartonne geskeur het nie. Verder was dit ook nie gestel dat die kartonne en merkpenne reeds daar was nie, tog is dit die getuienis wat deur beskuldigde 8 gelewer was. Dit is ook belangrik om kennis daarvan te neem dat beskuldigde 8 en Mahlatsi saam daar gearriveer het. Ook beskuldigde 9 het getuig dat beskuldigde 8 plakkate geskryf het maar dan is daar 'n ernstige afwyking waar hy getuig het dat hy nie saam met beskuldigde 8 die plakkate geskryf het nie maar elders diens gedoen het by die hek. Sy getuienis was dat dit

beskuldigde / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

beskuldigde 15 was wat vir beskuldigde 8 gehelp het om die plakkate te skryf. Dit blyk ook volgens die manier waarop mnr Bizos sy getuienis gelei het asof hy nie juis kan skryf nie. Beskuldigde 15 het nie getuienis afgelê nie. Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie hele kwessie van die skryf van die plakkate belangrik is en weer eens die staatsgetuienis bevestig dat daarop geskryf was dat raadslede gedood moes word. Die tweede en uiters belangrike stelling aan die staatsgetuies gemaak raak die wese daarvan of dit ŉ gewelddadige opmars sou wees of nie. Dit was gestel aan Mahlatsi dat Esau Raditsela aan die mense daar gesê het om hulself te bewapen met nat lappe vir gebruik wanneer die polisie traanrook gebruik - die nat lappe sou hulle dan gehelp het. Die getuie se antwoord en dit is ŉ belangrike antwoord hierdie wat hy gegee het, die getuie se antwoord is belangrik want hy bied in ŉ mate bevestiging vir hierdie stelling wat mnr Bizos gemaak het want hy het getuig dat hy het opgemerk dat mense het lappe gaan natmaak. Dit was toe nie betwis of aangeval in kruisondervraging nie. Mnr Bizos het met groot erns herbevestig dat Esau Raditsela wel so gesê het:

> "Now you see these things that you say he did not say I am putting to you that that is what Mr Raditsela said and.."

Aan getuie IC.8 was ŉ identiese verweer gestel dat Esau Raditsela aan die gehoor sou gesê het dat hulle nat lappe by hulle moes hou vir beskerming wanneer die polisie traanrook na hulle gooi. Die feit dat dit die beskuldigdes se verweer was dat hulle voorsiening moes maak vir beskerming teen traanrook bevestig dat voorsorg getref was vir

konfrontasie /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

konfrontasie met die polisie en weerspreek terselfdertyd bewerings van 'n vreedsame optog. Punt drie, dit was aan Mahlatsi gestel dat daar net 200 mense in die saal was toe Raditsela hulle toegespreek het. Getuie het getuig dat die saal was vol, hy het geskat tussen 500 en 600. Net so was dit aan IC.8 gestel dat daar net ongeveer 200 mense was. IC.8 het dit ontken en bevestig dat die saal vol was. Hierdie weergawe van die verweer het nooit gerealiseer nie, ook hier was daar weersprekings in die getuienis van die verdediging. Party het getuig dat die saal vol was, ander het weer getuig dat die saal nie vol was nie en die ander dat hy vol was. Wat egter eienaardig opval is die feit dat daar al gedurende die kruisondervraging van IC.8 'n weersprekende weergawe aan hom gestel was toe dit betwis was dat hy in die saal ingegaan het:

> "I am going to put to you that you did not go into the hall, that you and Oupa, accused no.2, went up to the door of the hall but you could not get in."

Getuie se antwoord was dat hy en beskuldigde 2 het deurgedruk tot by die verhoog. 'n Mens kan verstaan dat beskuldigde 2 in die lig van sy ontkenning van samewerking met VCA hierdie houding sou inneem, dat hy nie by die verhoor uitgekom het nie. Sien in hierdie verband hoedat hy heftig beaam het dat hy nie aan die optog sou deelgeneem het as VCA of UDF daardeur bevorder kon word nie. Maar wat hy hier uit gedagte verloor is alreeds sy leier se stelling wat ek reeds vroeër vir die hof aangehaal het van die hegte samewerking. Dat beskuldigde 2 blatante leuens vertel het en pertinent hierdie agbare hof mislei het word deur die volgende bewysstukke openbaar en bevestig en dit is dan ook van

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die bewysstukke wat ek hier gee. Beskuldigde 2 se getuienis was dan ook dat hy en IC.8 nie in die saal kon ingaan nie weens die baie mense by die deur. Hoedat beskuldigde 2 doelbewus leuens aan die agbare hof vertel het blyk uit die getuienis wat hy die volgende dag gelewer het toe hy sy getuienis in die hof voortgesit het en toe 'n totale botsende weergawe gegee het van wat van IC.8 geword het daar by die vergadering:

MNR BIZOS:.... Did any of the persons that accompanied you to Small Farms join the march with you or did you join it alone? -- I think so, I am not sure, because since our arrival there.."

dit is belangrik: "since our arrival there" -

"..that was the last time I was aware of their presence as to where to find them exactly, so therefore I am not in a position to tell exactly where they were at the time when I saw them.

COURT: So the rest of the day you did not see them in the march? -- That is so.

This is now Duke and Sekhenekhe and IC.8? -- Yes."

IC.8 sowel as Mahlatsi het onder kruisondervraging ontken dat beskuldigdes 8 en 17 en Esau Raditsela die mense daar buite die saa- toegespreek het. IC.8 het bevestig dat Esau hulle toegespreek het en kortliks herhaal het wat hy in die saal gesê het. Aan Mahlatsi was gestel dat beskuldigdes 15 en 17 buite toegespreek het. Dit is ons respekvolle betoog dat die twee staatsgetuies se weergawes korrek is en dat beskuldigdes 8 en 17 nie die mense toegespreek het nie. Die aard van hulle beweerde toesprake sou indruis teen hulle ware doel soos hierbo volledig uiteengesit is en was daar

nie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie nodigheid vir hulle om enige toesprake te lewer nie. Van die getuies deur die verdediging geroep het die getuies van die staat bevestig dat slegs Esau Raditsela kortliks die mense buite toegespreek het. Die wesenlike weersprekings in die getuienis van die verdediging oor hierdie deel van die getuienis plaas hulle geloofwaardigheid sterk in geskil terwyl dit nie gesê kan word van die staat se getuies nie. Dit is ons respekvolle betoog dat na die geheel van ons betoog gestaaf deur bewysplase soos hierbo uiteengesit in hierdie hele hoofstuk dat dit alles bewys en bevestig dat die staatsgetuies die waarheid getuig het en versoek ons die agbare hof om hulle getuienis te aanvaar as waar en betroubaar en dat die feite deur hulle getuig ook juis is.

Nou die mars self. Om die kort-kort rond te skuif nie het ons sekere dinge wat ook by die vorige deel is, het ons nog by hierdie deel ingesluit oor die volgende deel van die getuienis wat kom. U sal sien onder andere oor die plakkate en daardie goed. Die getuienis van die staat oor die gebeure wat verband hou met die optog, die gebeure in die omgewing van die interseksie en Caesar Motjeane se huis, poskantoor en Hunter's Garage bring die volgende aan die lig: GEtuie IC.8 het getuig dat die mars gelei was deur Esau Raditsela, beskuldigdes 2, 8 en 13 en 17. Dit is so dat IC.8 deur beskuldigde 13 aangesê was om op te tree as "marshall". Mahlatsi het bevestig dat Esau Raditsela en beskuldigde 17 deel gevorm het van die persone wat die opmars aan die voorpunt gelei het. Dit is gemene saak dat die plakkaatdraers ook aan die voorpunt van die optog was. Getuie IC.8 het getuig dat terwyl die opmars beweeg het, het die mense wat daaraan deelgeneem het vryheidsliedere gesing, onder andere

"Siyaya /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"Siyaya Epitoli". Dit was bestig deur Mahlatsi dat hulle dit gesing het. IC.8 het getuig dat op hulle roete het die mense vrywillig by die optog aangesluit. Verder het lede van die optog mense wat nie vrywillig wou aansluit nie gedwing om by die opmars aan te sluit. Mahlatsi het hierdie getuienis ook bevestig. IC.8 het getuig dat toe hulle by die kaartjieskantore van VTC verbygegaan het, het lede van die opmars die opmars verlaat, die kantore van die kaartjieskantoor oopgebreek, twee stoele daaruit verwyder en in die straat gebreek. Toe dit gedoen was het die ander persone nog in die mars hulle vreugde uitgedruk deur die skreeu van slagspreuke. Ons respekvolle submissie is dat hier nie 'n weerspreking is tussen die twee staatsgetuies nie. Mahlatsi wat redelik aan die voorpunt van die mars was het dit nie waargeneem nie. Dit is verstaanbaar in die lig van IC.8 se getuienis dat terwyl die groep weggebreek het, het die opmars voortgegaan en nie gestop nie. IC.8 het getuig dat hy gaan staan het om te kyk na hierdie groep. Terwyl hy gestaan het, het hy gehoor iemand skreeu daar is 'n hond. Die persoon was lid van 'n groep persone wat die interseksie by gebied gestaan het.

ASSESSOR: 'n Spelfout?

MNR JACOBS: Interaksie sien ek.

ASSESSOR: Daar moet seker wees "in" die interseksie gestaan het?

MNR JACOBS: In die interseksie gestaan het.

ASSESSOR: Dankie.

MNR JACOBS: Mahlatsi het bevestig dat nadat die voorpunt van die mars verby die BP Garage gegaan het en die voorpunt waar hy was naby die laan wat uit gebied 11 gekom het,

het / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het hy opgemerk dat uit die laan van gebied 11 daar 'n klomp mense uitgekom het wat opgemerk het: "Die honde van raadslede is besig om te skiet hier". Na dit kon hulle skote hoor. Mahlatsi het verder getuig dat nadat dit gebeur het het Esau Raditsela hardop gesê kom julle, laat ons gaan. Ek het in hakies gesê bewoording soos later reggestel. Die woorde was eers bietjie snaaks om deur die tolk in die eerste instansie en toe is dit deur die hof daar reggestel. Ek dink hy het gesê: Kom julle laat ons gaan.

HOF: Kom ons julle.

MNR JACOBS: Ja, so-iets. Mahlatsi het op hierdie stadium besluit om die opmars te verlaat om weg te hardloop. Die laaste wat hy opgemerk het was dat die voorpunt van die opmars gehardloop het in die rigting waar geskiet was. Hulle het in die laan opgehardloop vanwaar die klompie mense gekom het. Hierdie getuienis was ook wesenlik bevestig deur IC.8 wat getuig het dat toe hy die aanmerking van hond gehoor het het hy en 'n klomp van hulle soontoe gehaas. Daar voor het hulle gevind dat mense besig was om dinge te breek, vensters; die mense het gesê: "dit is die hond se eiendom" verwysende na die huis wat hulle breek. Die ruite is stukkend gegooi. Die getuie IC.8 het gehoor daar word skote gevuur vanaf die huis wat die skare met klippe aangeval het. Toe die skote gevuur is het die skare van ongeveer 1 000 mense na die hoek van die perseel vanuit gevuur was en die perseel langsaan gegaan en die omheiningsdraad opgelig en toegang verkry na Caesar se huis. IC.8 het gemerk dat 'n jongeling 'n plastiese houer by hom gehad het. Hulle het toe op die perseel aangrensend aan Caesar s'n gestaan, die jongeling het ook 'n lang stok gehad en het die een punt met 'n lap

toegedraai/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

toegedraai. Hy het daardie punt in die houer gedoop en toe aan die brand gesteek. Die skietery vanaf Caesar se huis het intussen opgehou, die stok met gebrande punt is aan iemand anders oorhandig en laasgenoemde het deur die gebreekte venster die gordyne in Caesar se huis aan die brand gesteek en die huis het begin brand. Die jongman met die houer het ook Caesar se perseel binnegegaan en die inhoud van die houer oor die kombi in die garage gegooi en die bakkie wat geparkeer was langs die huis op die perseel. Vanaf die agterkant van Caesar se perseel het mense oor die draad geklim. Die jongman met die houer het beide voertuie waar hulle gestaan het aan die brand gesteek. Daar was toe baie mense op die perseel van Caesar en getuie het waargeneem dat hulle 'n persoon fisies by die kombuisdeur uittrek. Dit was gedoen deur so baie persone dat IC.8 nie kon sien wie die persoon was nie. Hulle het die persoon getrek na die kant waar IC.8 geskuil het en daar het hulle die persoon doodgemaak. Die persone was gewapen met klippe, ysters en een het 'n jagmes gehad waarmee hy die persoon gesteek het. Ek kan miskien net op hierdie stadium, ek noem dit lateraan, baie detail gegee in hierdie geval want hier gee IC.8 getuienis oor sekere dinge wat hy waarneem en waar hy tog goed gestaaf word deur omstandighede later en ook ander getuies. Een van die omstandighede wat ek eintlik nou vooruitloop is die kwessie van die steek met die mes. Die lykskouing het sekere feite openbaar wat hierdie getuie se waarneming bevestig. Daar was 'n steekwond gewees aan die oorledene wat hier gelê het. Ek noem dit maar net op hierdie stadium. Daar was 'n samedromming van 'n groot aantal mense en hulle het hulle blydskap getoon deur te

ululeer/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ululeer. IC.8 het 'n opmerking gemaak dat die persoon nie op hierdie manier gedood moes word nie, waarop een van die omstanders hom ook met die dood gedreig het en hy het toe daar padgegee. IC.8 het vir beskuldigdes 5 en 13 op die toneel opgemerk. Verder het hy opgemerk dat beskuldigde 2 sit skuinsoor Caesar se huis. Toe die persoon wat doodgemaak is uit die huis getrek is, het beskuldigdes 5 en 13 gestaan by die draadheining tussen die twee persele. Hulle het net gestaan. Beskuldigde 2 het op 'n voorwerp gesit en het niks gedoen nie en net gekyk na die brandende huis. Die groep het later die plek verlaat en is terug na die hoofstraat en het weer aangesluit by die opmars. 'n Groot deel van die mense het blykbaar nie die optog verlaat nie maar aangehou marsjeer. Dan die poskantoorinsident, toe hulle verby die poskantoor gegaan het wou lede van die optog die poskantoor met klippe aanval. Volgens sy getuienis wou 'n aantal lede van die opmars dit gedoen het. Dit is darem eienaardig as dit so 'n vreedsame opmars is dat hulle ook daardie plek wou aanval. IC.8 en 'n onbekende persoon het hulle gekeer deur hulle attent te maak daarop dat ook hulle briewe binne in die poskantoor is. Verder is aan hulle gesê dat hulle soek net die polisie, VTC en die administrasie. Die groep het na hulle geluister en hulle is toe terug in die optog in. Die optog het voortgegaan tot naby Hunter's Garage waar die polisie hulle voorgekeer het. Hulle wou nog voortgaan - met ander woorde die mars het nie tot stilstand gekom nie en het voortgegaan. 'n Helikopter het traanrook tussen hulle in die optog gegooi. Daarna het die polisie na hulle begin skiet met rubberkoeëls en hulle het gevlug. Nou getuie Alinah Mogatla wat skuins oorkant

Caesar / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Caesar se huis gewoon het, bied sekere belangrike stawing tog aan die getuienis van IC.8. Sy het skuins oorkant Caesar Motjeane se huis reg langs die steeg gewoon het, het getuig dat op die oggend van 3 September 1984 het sy om 06h00 wakker geword as gevolg van ŉ geraas buite die perseel. Haar getuienis word gestaaf deur haar eggenoot Petrus Mogatla. Sy en haar man het deur die venster gekyk en gesien dat jeugdiges - dit is belangrik weer hierso, dit is die mense wat nie sou deelgeneem het aan die aktiwiteite van die dag nie, het klippe gegooi na Caesar se huis, dat Caesar na hulle geskiet het. Haar getuienis word in hierdie opsig..

ASSESSOR: Is dit nodig?

MNR JACOBS: Ekskuus, edele?

ASSESSOR: Is dit nodig?

MNR JACOBS: Ek het nie nou mooi verstaan nie?

ASSESSOR: Ek dink u het so twee, drie sinne vorentoe presies dieselfde woorde ook in. Dit is seker maar net ŉ duplikasie.

MNR JACOBS: Dit is moontlik. Ons het onder moeilike omstandighede gewerk. Hierdie is party plekke waar ons kry dat ons goed oor en oor gesê het. Nou ons sê haar getuienis word gestaaf deur haar eggenoot Petrus Mogatla. Beide Caesar en sy lyfwag Phineas Mathibidi was buite die huis op die perseel vanwaar hulle albei op die skare gevuur het. Dit word ook bevestig deur Petrus Mogatla. Op ŉ stadium het die aanvallers weggehardloop en na ŉ tyd weer teruggekom. Daar is klippe gegooi en dan hardloop hulle weer weg. Petrus bevestig dat die klipgooiers weggehardloop het en na ŉ tyd teruggekom het, klippe gegooi het en weer gehardloop het. Die polisie het later op die toneel verskyn en die klipgooiers het gevlug. Dit het stil geword daar en na ŉ tyd (30

het / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het die polisie die toneel verlaat. Dit is tog belangrik hierdie tydsverloop want dit bring ons al meer en meer nader aan die opmars se tyd toe. Petrus bevestig dat die polisie op die toneel verskyn het, dat die klipgooiers verdwyn het en dat die polisie weer vertrek het. ŉ Ruk nadat die polisie die toneel verlaat het, het daar ŉ groep mense opgedaag. Hulle het met die steeg opgekom - dit is insiggewend dat die mense van die steeg se kant af kom en sy het waargeneem dat van hulle plakkate dra; dit is insiggewend dat ons plakkaatdraers hierso kry. Daar was baie mense, die straat was vol. Daar was ook mense in die steeg en ook mense op die perseel. Hierdie tweede groep het ook Caesar se huis aangeval met klippe en daar is gevuur op hulle. Dit is die eerste keer dat sy plakkate opgemerk het by die tweede geleentheid. Die detail wat ek netnou gemeld het is daar tog hier in ŉ groot mate gestaaf deur die getuie van die staat, van die feit dat die mense het uit die steeg daar aangekom, dit is waar die opmars was in daardie rigting. Die plakkate wat daar was, die groot klomp mense wat daar nou was. Petrus bevestig dat daar vir ŉ tweede keer ŉ groep mense met die steeg langs opgedaag het ŉ ruk nadat die polisie vertrek het. Daar was plakkate by hulle, hulle ht Caesar se huis aangeval met klippe en hy het bevestig dat daar skote gevuur was vanaf Caesar se huis. Dat baie mense daar was en hy het ook plakkate in die tweede groep gesien. Die getuienis van IC.8 word deur hierdie getuies op belangrike aspekte gestaaf wat betref fyner detail. Dit is wat ek reeds genoem het, die groot groep van die interseksie se kant af, nou is daar plakkate, die huis is met klippe aangeval, daar is gevuur - al daardie punte het ek

genoem / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

genoem. In die voorvalle na die vertrek van die polisie is ŉ kind beseer. Sy is na haar huis gebring deur persone wat sy nie gesien het nie. Petrus bevestig haar getuienis dat ŉ kind in die geveg daarbuite gewond is deur ŉ vuurwapen en deur ŉ groep persone na die huis gebring is. Dit het om ongeveer 09h00 gebeur. ŉ Belangrike aspek oor hierdie insident is die kind wat geskiet was, nie by die eerste aanval nie maar by die tweede aanval volgens hierdie getuienis van haar. Die tyd wat sy skat van ongeveer 09h00 is ook van belang want dit is ongeveer die tyd, bietjie voor of bietjie na. Dit is in die tyd van die opmars ook, dit bring dit in dieselfde gemiddelde tyd. Dit bied ook belangrike stawing vir die getuienis van IC.8. Petrus het verder getuig dat hy bang was en nie die hele tyd gekyk het nie. Op ŉ stadium het hy deur die venster geloer en gehoor dat Caesar..

HOF: Ek dink ek kan maar aanvaar dat ons weet wat Petrus en sy vrou getuig het. Ons is nou op bladsy 215.

MNR JACOBS: Sal ek met paragraaf 2 aangaan? Dankie, edele. Onder kruisondervraging het die twee getuies IC.8 en Matlatsi nieteenstaande deurtastende en langdurige kruisondervraging hul uitstekend van hul taak gekwyt en nie wesenlik afgewyk van hul getuienis in hoof nie. Graag wil ons egter die agbare hof verwys na die volgende insidente. Oor die opstel van die optog was die volgende gestel wat klaarblyklik nie die waarheid is nie en nie as maatstaf gebruik kan word om hul geloofwaardigheid te toets nie. Die eerste stelling is aan IC.8:

> "Because I am going to put to you that there were three people that were organising the front of the proposed march.."

HOF / --

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF: Ja, u kan aanvaar dat ons dit gelees het, en ook dat ons gelees het wat gestel is aangaande Esau Raditsela op 217 en wat op 218 staan oor die kaartjieskantoor en oor die hele kwessie van die interseksie wat aan Mahlatsi gestel is.

MNR JACOBS: Sal ek dan die hele deel, die stellings wat die hof van kennis geneem het tot by 233 neem?

HOF: Dit bring ons dan tot by bladsy 234. Dan stel u teenoor mekaar wat die verskillende beskuldigdes gesê het op 234, dit kan u ook alles as gelees beskou.

MNR JACOBS: Van bladsy 234 gaan dit aan tot by - u sal sien as ek net miskien kan verduidelik hoekom kort-kort die punte herhaal word. Aanvanklik het ons hulle opgedeel gehad in verskillende dele..

HOF: Nee, as u dit herhaal beteken dit net dat ek dit twee keer gelees het al.

MNR JACOBS: Nie eintlik herhaal nie, wat ek op verskillende punte ingedeel het en dan herhaal ek, sê wat beskuldigde 8 byvoorbeeld onder hierdie afdeling gesê het, by hierdie afdeling het hy dit gesê.

HOF: Ja-nee, dit moet kom, dit is vanselfsprekend.

MNR JACOBS: Ek het dit so behandel hierso dat alles wat hulle - botsende weergawes wat daar gekom het in die getuienis.

HOF: Dit as ek reg is bring ons by bladsy 273 bo-aan die bladsy.

MNR JACOBS: Ja, ek het dit ook min of meer so. Dit is reg. Ek het op bladsy 273 kortliks gehandel met die ERPA vergadering wat gehou is op 26 Augustus 1984. Ons respekvolle betoog is dat ons stawing het vir die samewerking tussen die

aktiviste / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aktiviste in VCA en ERPA. Dan haal ek aan dat Kabi van ERPA het die VCA vergadering van 26 Augustus bygewoon en toegespreek. Trouens hy het gereeld vorige VCA vergaderings toegespreek. Beskuldigde 6 het met Esau reëlings getref om te sorg vir geskikte sprekers vir ERPA vergadering op 26 Augustus 1984 en hy het gereël dat Rina Mokoena en nr.5 en nr.17 sou optree as sprekers. Esau het ook hierdie vergadering gekoördineer en selfs ook die vergadering toegespreek ten opsigte van UDF en MSC. Hy het ook gesorg dat die nodige vorms vir hierdie kampanje beskikbaar gestel word by die vergadering. Die samewerking tussen ERPA en VCA word verder bevestig deur die feit dat onder leiding van beskuldigde 6 en Esau 'n komitee gestig is waarop beide van hulle sitting gehad het, vir die uitvoering van wedersydse samewerking onder andere vir die viering van die suksesvolle kampanje om die raadsverkiesings te verongeluk; die gesamentlike uitvoering en bevordering van UDF se MSC in die Vaal. Hulle gemeenskaplike doel word ook verder bevestig deur die feit dat ook op hierdie vergadering van ERPA was die UDF gekoördineerde kampanje teen swart plaaslike besture bevorder, was die massas gemobiliseer en gepolitiseer aan die hand van knelpunte onder andere, die oneerlikheid van raadslede, die huurkwessie ensovoorts. Die doel van die mobilisasie en politisering was om die massas te aktiveer teen raadslede en die sisteem om dit te vernietig. Wat die mars van 3 September 1984 betref word daar ten slotte verwys na die volgende met respek - belangrike aspekte. Die aansluiting van die groot groep persone by die optog: die verdediging het wyduiteenlopende weergawes voor hierdie agbare hof geplaas. Daar is op enkele voorbeelde uit die

getuienis / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

getuienis gewys (<u>supra</u>). Die verdedigingsgetuies gee voor dat 'n groot groep van plus minus 300 mense by die optog wat aanvanklik sowat 400 tot 900 mense behels het, aangesluit het en daarna voortbeweeg het tot die omgewing van Hunter's Garage waar die polisie teëgekom is. Die verdedigingsgetuies wat op plekke vanaf heel agter tot heel voor in die optog sou geloop het, het ook almal na bewering die groot groep mense opgemerk op een of ander stadium en onder een of ander omstandigheid waaroor die getuies dikwels selfs skreiend verskil. Tog was nie een van hierdie getuies werklik in staat om aan hierdie hof te beskryf hoe hierdie groep mense aangesluit en saamgesmelt het in die optog nie. Dan 'n interessante weergawe in dié verband is dié van die kerk-opsigter Pitso Ratibisi. Hy sien die groep as een "which appeared to me to be facing our direction". Wat opval is dat hy dan beskryf hoe die "marshalls" hierdie mense in die optog moed ingepraat het en probeer kalmeer het. Wat hy beskryf in dié verband (by BP garage) waar die groot groep sou aangesluit het stem verbasend ooreen met wat die ander verdedigingsgetuies in die breë plaas by Hunter's Garage (met weersprekings). Die verdedigingsgetuies het ook nie melding gemaak daarvan dat die "marshalls" by BP sou opge-tree het soos Ratibisi beskryf nie. Hierna hardloop hy ook weg (soos die ander sê by Hunter's Garage). Hierbenewens was die staatsgetuies konsekwent in hul ontkenning dat daar hoegenaamd 'n groep soos beskryf aangesluit het. Dit is die staat se respekvolle betoog dat die hof sal bevind dat daar nie so 'n groep by die optog aangesluit het nie, maar die staatsgetuies geloofwaardig sou bevind. Ons wil met respek by die agbare hof aanvoer dat die getuienis vir die

verdediging/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verdediging soos aangevoer wanneer dit gekom het by die kardinale punte wat die skuld teen die beskuldigdes direk raak hul geheues goed was. Ek verstaan ek het al oor 13h00 gegaan.

HOF: U kan aanvaar dat ons in elk geval tot ongeveer bladsy 330, 340 lankal gelees het en ons wil u 'n vraag vra oor bladsy 335, BEWYSSTUK W.42.

MNR JACOBS: Kan ek net 'n nota maak, edele?

HOF: Dit is bladsy 335, BEWYSSTUK W.42, of daardie bewysstuk steun wat u daar sê. Die res kan u maar kortliks opsom en dan voortgaan na ete.

DIE HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

DIE HOF HERVAT NA MIDDAGETE

MNR JACOBS: Sal ons eers bladsy 335 wat die hof gesê het, wat u my gevra het oor BEWYSSTUK W.42? Iets wat die hof oor duidelikheid wou kry oor die BEWYSSTUK in paragraaf 4.1 op bladsy 335.

HOF: Ja, die stelling wat gemaak word is: is dit duidelik dat UDF die geweld in Boipatong aanprys. Nou word dit gesteun deur die bewysstuk?

MNR JACOBS: Ons respekvolle submissie is daar is een fout wat in daardie paragraaf voorkom daar. Bophelong word daar genoem - dit moet eintlik Sharpeville wees.

HOF: Ja, maar wag nou bietjie. Bophelong en Boipatong word genoem. Moet ons vir Boipatong Sharpeville inskryf of Bophelong?

MNR JACOBS: Vir Bophelong is dit Sharpeville. Dit verwys terug na paragraaf 8.3 op bladsy 314 waar dieselfde dokument bespreek word. Ek weet nie of u die dokument, die bewysstuk het nie?

HOF: Ons het vlugtig na die bewysstuk gekyk. Kan u asseblief in die bewysstuk vir ons toon wat u bedoel?

MNR JACOBS: Hulle sê hierso in die eerste paragraaf, dit is die vertaling van die UDF News met die opskrif: "Vaal Residents demand lower rents". Nou dan sê dit daarso..

HOF: Nou watter een van die dokumente is dit? BEWYSSTUK W.42 nommer hoeveel?

ASSESSOR: Dokument 4.

HOF: Dokument 4?

MNR JACOBS: Nee, dit sal dokument - ek weet nie of myne soos die hof s'n ingebind is nie, dit is die getikte - as ek reg is, is W.42, die heel eerste, die geskrewe deel "Vaal

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Residents call upon - ek weet nie, ek kan nie die skrif so mooi.. Dit is die geskrewe een en net na hom volg: "Vaal Residents demand lower rents".

<u>HOF</u>: Ja, dit is maar net die getikte weergawe van die geskrewe stuk. Moet ons dit daar uithaal?

<u>MNR JACOBS</u>: Ja.

<u>HOF</u>: Is dit dokument 1?

<u>MNR JACOBS</u>: Dit is dan dokument 1. Dit is ŉ vertaling van die UDF-nuus wat heel agter in is, ŉ artikel wat daarin voorkom.

<u>HOF</u>: Ja, maar is dit? Dan moet ons dit mos in die UDF News vind?

<u>MNR JACOBS</u>: Ja, dié is ŉ vertaling van wat hier staan.

<u>HOF</u>: O, ek sien. Dit is ŉ erkenning dat dit ŉ vertaling is?

<u>MNR JACOBS</u>: Ja, dit is een van die vertalings wat erken is en wat ingehandig is.

<u>HOF</u>: Erken is. Ja, dankie.

<u>MNR JACOBS</u>: En ons kan dan net sê ons verwys na daardie tweede paragraaf dat "Our people in the Vaal township of Sebokeng, Boipatong, Evaton en Sharpeville have won a great battle against the rent increases and also succeeded in forcing some of the councillors to resign from the dummy council". Dit word dan beskou as ŉ oorwinning, mense het daarin geslaag om sukses te behaal. As ek dan met respek die Vaal-gedeelte of die gedeelte van 3 September net kan saamvat dan wil ek graag net die volgende onder die aandag van die hof bring.

<u>HOF</u>: Op watter bladsy is ons nou?

<u>MNR JACOBS</u>: Nee, ek gaan dit nou net alles saamvat en dan gaan ek net aan die hof my finale submissie daaroor maak.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit is al hierdie dele wat die stellings van gemaak is. Ek sê dat daar drie punte eintlik is wat belangrik is. Die eerste is die kwessie van die plakkate. Dit is belangrik want die staat se getuienis is dat die plakkate is..

MR BIZOS: On what page must we note this on. I really am confused.

COURT: You will have to make a separate note of this.

MR BIZOS: It is difficult enough, I was given a copy of the argument which did not have consecutive numbering. Each volume was numbered differently which adds to my difficulties, but I would like to know where this submission is and what it relates to, if I..

MNR JACOBS: Dit gaan oor hierdie hele stuk wat ek oorslaan wat ek net nou saamvat.

HOF: Ja, maar wat is die stuk wat u oorslaan, dan kan ons dit op die laaste bladsy skryf.

MNR JACOBS: Ek dink op bladsy 278 kan dit geskryf word want dit vat saam wat voor 278 gesê word. Die eerste belangrike punt wat ek dan probeer maak en wat die staat se getuienis aanvul is dat die plakkate was geskryf daar gewees deur Esau Raditsela en die jongmanne en dat die plakkate wat geskryf is is in die saal ingeneem en dit het bewoordings opgehad van "Kill Mahlatsi". Dit is die getuienis wat die staat se getuies aangebied het en wat hier uitgewys was. Nou hierdie is 'n ernstige knelpunt of 'n ernstige twispunt tussen die staat en die verdediging en ons submissie is dat die staat se getuienis hieroor aanvaar moet word want ons submissie is watter van die verskillende weergawes gaan die verdediging vra moet aanvaar word. Gaan dit aanvaar word dat 'n klomp jongmense het daardie pamflette geskryf soos

dit / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit gestel was en wat hier uitgewys was. Gaan dit gevra word dat aanvaar moet word dat 'n klomp jongmense en ook van die ander mense dit geskryf het of gaan die verdediging vra dat twee van die beskuldigdes dit geskryf het. Daar is nog ander afwykings maar ek dink dit is die drie kernafwykings wat daar is. Watter van die drie weergawes gaan die verdediging vra is die ware weergawe. Teen dit het ons die duidelike bevestigde storie van die getuies van die staat en ons vra u om die staat se getuienis in daardie opsig te aanvaar. Die tweede aspek wat uit hierdie getuienis belangrik word en belangrik blyk is die kwessie van wie was die leiers van hierdie optog. Ons het die getuienis van die staatsgetuies wat gesê het daar was leiers gewees en wie hulle was. En wat spesifiek belangrik is, is dat Esau Raditsela was een van daardie leiers gewees plus ook van die ander beskuldigdes. Nou is dit so dat die verdediging se getuies het alles probeer om Esau nie aan die voorpunt van daardie optog te kry nie. Nou gaan ons vir die hof vra watter weergawe wil die verdediging hê moet die hof glo? Moet die hof aanvaar dat Esau het agtergebly en die plek toegesluit toe die optog alreeds vertrek het; dat hy nadat hy dit toegesluit het dat hy met nog 'n persoon daar agtergebly het, hierdie Ralitsi of - Ratibisi - wat die saalopsigter was, dat hy hom daar agtergelaat het en agter die massa aangeloop het en toe agterna by die mars aangesluit het - gaan dit die weergawe wees wat die verdediging vra? Gaan die verdediging vra dat dit moet aanvaar word soos van die getuies gesê het dat Esau het saam met die optog uitgegaan en dat die getuie, een van die beskuldigdes daar gestaan en wag het totdat Esau en die optog verby is en toe agter die optog

aangesluit / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aangesluit het. Gaan die verdediging vra dat die hof moet bevind dat Esau en beskuldigde 17 het agter aan die optog diens gedoen as "marshalls"? Gaan die verdediging vir die hof vra en sê dat Esau en beskuldigde nr.8 het in die middel van die optog diens gedoen? Daar is soveel variasies en verskillende weergawes deur die verdediging dat daardie getuienis kan nooit die waarheid wees nie, nie met so baie variasies oor daardie een aspek nie. Dit is ons submissie dat juis omdat hierdie mense wat almal daar was, dit so moeilik vind om te sê wat Esau se plek was, is juis 'n aanduiding dat hulle probeer vermy om Esau op die voorpunt van die optog te kry. Die ander aspek wat dan hier behandel word is die verskillende weergawes wat ons kry omtrent die mense in die optog by die interseksie. Nou hier het ons sommer baie, baie weergawes van die verskillende variasies. As ek 'n paar mag noem: gaan die hof gevra word om te glo dat deel - wat die getuienis in 'n stelling van die verdediging was - 'n deel van die optog wel in daardie interseksie opgegaan het. Is dit wat gevra gaan word? Gaan dit gevra word dat daar 'n massa mense in die interseksie gestaan het wat genoem was en wat vergelyk was met 'n soort van 'n massavergadering. Gaan die hof gevra word dat daar verskillende groepe was in die interseksie groepe gevorm het om aan te sluit by hierdie optog? Gaan dit gevra word dat die optog toe dit die interseksie ingegaan het heeltemal 'n nuwe voorpunt gekry het en dat mense wat van die poskantoor se rigting gekom het die voorpunt gevorm het van hierdie optog en dat daar toe heeltemal 'n nuwe voorpunt was. Gaan dit gevra word dat toe hierdie dinge plaasgevind het, het die rook en die vuur by Caesar plaasgevind, dit was 'n stelling gewees,

was / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was dit duidelik merkbaar toe die voorpunt die interseksie genader het? Met ander woorde, hier het die hof - ek dink op een stadium het ons elf verskillende stellings wat aan die getuies gemaak is uitgewys. Ons het 'n magdom verskillende getuienis uitgewys van die getuies wat met mekaar heeltemal gebots het. Watter van hierdie weergawes gaan die verdediging vra moet nou aanvaar word in plaas van die getuienis van die staat. Waar dit duidelik is dat daardie optog se voorhoede het in daardie steeg opgegaan, waar daar stawing is vir die getuienis van die staat wat ek behandel het met hierdie ander getuies wat daarso langs Caesar gewoon het. So ons respekvolle submissie is dat daar het nooit so 'n groot groep aangesluit nie. Ons respekvolle submissie is dat die staat se getuie die waarheid praat waar hy gesê het dat daar was 'n klompie mense by die interseksie wat uit die steeg uitgekom het. Hy het 'n skatting gemaak van ongeveer 20. Dit is die mense wat die ander daar ingelei het, so ons submissie is dat die verdediging se weergawe van hierdie hele situasie daar by die interseksie kan nie aanvaar word nie en dat die hof dit sal verwerp en dat die getuienis vir die staat in daardie opsig belangrik is en aanvaar sal word; dat daardie optog se gedeelte het by Caesar se huis aangegaan en die aanvalle daar geloods waar die beskuldigdes soos genoem in die betoogshoofde, beskuldigde 2 weet ek is een wat ek kan onthou en ook die ander. Ek vra dat die hof sal aanvaar dat hulle wel daar was en dat hulle deel gehad het aan hierdie insident daar. Dit sluit dan min of meer daardie gedeelte af. Dit is wat ek in kort net voor die hof wil bring. Ek wil met die hof se verlof vra of mnr Fick hiervanaf kan oorneem. Ons het gereël dat hy sal die deel oor

Sharpeville / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Sharpeville en die andere dele wat hy verder gedoen het, doen. Dan sal ek weer dié wat ek self gedoen het behandel, as die hof die verlof sal verleen.

HOF: Ja.

MNR JACOBS: Dankie, edele.

HOF: Wat gesê is aan mnr Jacobs geld natuurlik vir u deel ook, mnr Fick.

MNR FICK: Ek het dit ter harte geneem. Ek wil net 'n paar foute uitwys en 'n paar algemene aspekte ten opsigte van Sharpeville voor ek aangaan. Eerstens op bladsy 282 in paragraaf 4(a), die vierde reël word daar gesê "stelsel skreeuend.." en vra dat die hof dit minder skreeuend en meer striemend maak.

HOF: Striemend?

MNR FICK: Striemend aangeval, dit is 'n tikfout wat ingesluip het. Dan op bladsy 291 wil ek vra dat die hof paragraaf 5(a) die tweede reël moet wees "stay away" en die verwysing daar is BEWYSSTUK V.31, bladsy 15. Op bladsy 292 die vierdelaaste reël van die eerste paragraaf is daar Mobati, dit moet wees Mokati. En dan op bladsy 293 wil ek die hof na verwys. Ek wil daar aan die hand doen ten opsigte van sub-paragraaf (iii) dat hier is 'n aanduiding dat die getuienis van Viljoen word gestaaf hierso dat op hierdie vergadering sou gesê gewees het..

HOF: Ekskuus, laat ek net inskakel hier. Is dit nou subparagraaf (iii) op bladsy 293?

MNR FICK: Korrek.

HOF: Ja, en u sê dit staaf?

MNR FICK: Dit staaf die getuie Viljoen se getuienis met betrekking tot wat op die 3de die oggend gebeur het in



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Sharpeville. Hier word op hierdie vergadering reeds gesê dat "all buses, taxis will be stopped from coming in here". Ek wil aan die hand doen dit is presies soos Viljoen getuig het wel gebeur het op 3 September, en ek wil verder aan die hand doen dat hierdie is 'n duidelike aanduiding dat daar 'n skakeling is tussen hierdie vergadering en wat gebeur het op 3 September. Met ander woorde ek wil aan die hand doen dat wat die verdediging vir die hof sê dat daar is geen skakeling tussen 3 September en die geweld wat daar gewees het en dat die polisie daarvoor verantwoordelik is, word hier weerlê. Dan wil ek u verwys na bladsy 296, paragraaf (c). Ek wil aan die hand doen dat die weergawe wat die verdediging probeer voorhou naamlik die vergadering was geïnisiëer deur 'n kerkraad is totaal vals. Daar is geen aanvaarbare verduideliking waarom Kehla Mthembu van AZAPO op hierdie vergadering gepraat het nie en tereg kan gevra word wat kom maak beskuldigde 2 op hierdie vergadering van die kerkraad. Ek wil dan op bladsy 299 net op die laaste paragraaf die hof se aandag vestig. Ek wil betoog dat beskuldigde 2 wat die voorstel sou gemaak het dat die mense op 3 September by die kerk moes bymekaar kom, sê dan nie vir die mense wat kom maak julle daar nie. Dit is hoogs ongeloofwaardig en ek wil aan die hand doen dat hy wil wegsteek wat daar besluit is naamlik dat daar 'n "stay away" gaan wees en dat daar gemarsjeer gaan word, daarom moet daar sulke onsinnige verduidelikings gegee word. Dan op bladsy 301 wil ek verwys - dit slaan op die gebeure van 3 September 1984 te Sharpeville, paragraaf 7. Ek wil aan die hand doen dat soos ook in die ander gebiede was die algemene verweer dat die geweld wat ontstaan het het òf niks te doen met die organisasies nie, òf is 'n

reaksie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

reaksie as gevolg van die geweldpleging deur die polisie en ek wil aan die hand doen dat ook in Sharpeville dit duidelik is dat die stellings wat gemaak is deur die verdediging ten opsigte van die gewelddadige optrede van die polisie, net soos op die ander plekke, nooit realiseer nie of dit is weerspreek of in 'n heeltemal ander vorm word dit weergegee. Dan wil ek die hof verwys na bladsy 308. Dit is die laaste sin, daar is 'n verwysing na volume 355 met geen bladsy nie, dit moet wees 356 met bladsy 20 405.

ASSESSOR: Wat is 'n "F-moed", mnr Fick, kan u onthou? Net die vorige paragrafie - 'n "F-moed bakkie".

MNR FICK: Ek het hom gesien, hy is so getik en die getuie het dit getuig.

ASSESSOR: Ja-nee, dit was 'n ander woord gewees wat gebruik is. Dit was nie "F-moed" nie, dit was 'n ander woord.

MNR FICK: Ek het hom juis so uit die rekord gekry want ek kon die spesifieke ding nie onthou wat dit was nie. Ek sal probeer om na die bande te luister.

ASSESSOR: Dit is nie belangrik nie.

MNR FICK: Om vas te stel wat is die woord.

HOF: Behalwe vir die spelling kan dit dalk staan vir volmoed.

MNR FICK: Dit is korrek, edele. Ek wil die hof dan verwys na bladsy 312 heel bo-aan, dit is die getuienis van die getuie Nhlapo. Hy sê daar tussen 08h00 en 09h00 was die "deurmekaarspul" baie erger op die oggend van 3 September en was daar hoë rookkolomme van plekke wat brand en daar was ook skote geskiet. Ek wil aan die hand doen dat dit opsigself weerspreek die ander staatsgetuies - ekskuus, verdedigingsgetuies se getuienis dat daar eers na 11h00

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die oggend sou hulle die eerste keer van klipgooiery en padversperrings gehoor het en dat daar verder niks aan die gang was nie. Dan op dieselfde bladsy sub-paragraaf (g) is daar in die tweede reël twee woorde uitgelaat, na verdediging moet wees "getuig het". Ek wil dan aan die hand doen dat in die lig van die totaal teenstrydige getuienis wat deur die verdediging aangebied was ter weerlegging of in 'n poging om die staatsgetuienis te weerlê oor die optrede van die polisie daar wil ek aan die hand doen dat die hof behoort te aanvaar dat daar reeds padversperrings was vroeg die nag van 2 September al, dat daar aanvalle was soos die polisie getuig het en dat die verdedigingsgetuies doelbewus leuens kom vertel het oor die polisie-optrede daar. Dan ten slotte wil ek op bladsy 316 net saamvat en sê dit word betoog dat uit al die dokumente en ook uit die getuienis is dit duidelik dat UDF en sy affiliale aktief en veral die kampanje teen die swart plaaslike besture georganiseer het en gemobiliseer het en ek wil aan die hand doen dat dit ook duidelik is dat AZAPO hier aktief saamgewerk het en ek wil verder aan die hand doen dat beskuldigde no.2, 3 en Kehla Mthembu se teenwoordigheid en aktiewe meewerking met die vergaderings in Sharpeville daarop dui dat AZAPO wel ten opsigte van hierdie kampanje saam met UDF gewerk het.

Ek wil dan met die hof gaan na Boipatong op bladsy 319. Ten opsigte van paragraaf 1.2.5 op 319 wil ek die hof vra dat die hof dit saamlees met die volgende bladsy se paragrawe en dan wil ek samevattend betoog dat dit duidelik is dat die VCA en hierdie organisasie in Boipatong het wesenlik saamgewerk. Die een was deel van die ander. Dan na bladsy 321, paragraaf 1.3..



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF: Kan ek net duidelikheid kry, op die VCA-bestuur was daar 'n Boipatong verteenwoordiger?

MNR FICK: Dit is Johnny Motete.

HOF: En is hy op hierdie "Residents' Committee"?

MNR FICK: Nie sover ek weet nie maar daar is die getuienis, ek sal dit net gou probeer kry. Ek verwys daarna dat Johnny Motete het geskakel met beskuldigde nr.11. Dit is in die hoofde. Paragraaf 1.2.1, u sal sien hy bevestig die feit dat Johnny Motete, dit is op bladsy 318.

MR BIZOS: Motete was from Bophelong. I know the question may have taken my learned friend by surprise but I cannot stand by and allow wrong information to be given to your lordship on this.

MNR FICK: U sal merk as my geleerde vriend kyk na paragraaf 1.2.1 dan sal hy bemerk daar dit word betoog dat Johnny Motete die sekretaris van die VCA was ook lid van die Bophelong Youth Association en dat die man het wel - ek sal net die ander passasie ook kry - met beskuldigde nr.11 geskakel.

HOF: Ja maar goed, as Motete dan van Bophelong was, wie was dan op die VCA van Boipatong.

MNR FICK: Ek het sopas gesien in paragraaf 1.2.4 dat beskuldigde nr.11 bevestig ook dat Jabulani Patosi wat die VCA se Boipatong-verteenwoordiger was, Boipatong Civic Association gestig het onder VCA se beheer. Dan van bladsy 329 tot 321 gee die staat al die omstandighede of gevalle waar beskuldigde nr.11 geskakel het met die VCA-amptenare, bestuurslede van die VCA en ek wil aan die hand doen dit is duidelik daaruit dat daar noue samewerking was tussen hierdie organisasies. Dan op bladsy 321 heel onder aan paragraaf 1.3 is daar die getuienis van die verdediging, Themba

Ngwenya / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ngwenya,wat sou getuig het dat die raadslede sou na bewering gesê het hulle gaan nie die huur verhoog nie maar hy het toegegee dat hy bewus daarvan is dat die inwoners daarna versoek het dat daar sekere verbeteringe aangebring moet word in die woongebied en dat dit is gesê is dat die huur verhoog word om die dienste te verskaf. Nou wil ek aan die hand doen dit is een van die voorbeelde wat aantoon hoe onredelik die eise is wat gestel was ten opsigte van die raadslede. Enige denkbare ding is aangegryp om die inwoners op te sweep teen die raadslede. Dan op bladsy 324 is daar verder, paragraaf. 22.4, is daar 'n verdere aanduiding van hoedanig die VCA en beskuldigde 11 se komitee geskakel het deurdat Esau Raditsela het op versoek van beskuldigde 11 'n pamflet gedruk en dan vind ons later dat hierdie pamflet is inderdaad gedruk in die naam van die VCA en dit is nooit betwis nie of bevraagteken nie, dit is net so aanvaar. Op bladsy 325, paragraaf 2.2.9, getuig beskuldigde 11 dat op die vergadering besluit is dat die hele komitee van Boipatong hul griewe sal oordra by Houtkop. Tog het hy gesê verder dat daar later besluit is by die kerk te Small Farms op 2 September 1984 - 'n vergadering wat ons reeds behandel het - dat nou net sekere persone, naamlik beskuldigde 11 en Sotso gaan die griewe oordra. Ek wil aan die hand doen dit is 'n verdere bewys hoe hulle onder die VCA gestaan het, dat hulle eie besluite word deur die VCA oorheers en omvergewerp en dan maak hulle soos die VCA sê op die vergadering. Op bladsy 330 wil ek verwys ek na paragraaf 3.2.5, daar word die volgende gesê, dat beskuldigde 11 se weergawe dat hulle sogenaamde "marshalls" aangestel het, dit is nou vir die optog van 3 September, is eweneens ongeloofwaardig as in ag geneem word dat nr.11

sê / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sê hy het vreemde mense langs die pad op pad na die plek waar die mars moes begin, gevra het om "marshalls" te wees. Ek wil aan die hand doen dat hierdie stukkie getuienis word gegee om te probeer wegkom van die feit dat hierdie mars inderdaad of hierdie optog inderdaad, of die samekoms van die mense bedoel was om soveel mense bymekaar te kry as moontlik waarna oorgegaan sou word na geweldpleging. Op bladsy 331, paragraaf 3.2.8, daar is weer eens bevestiging van die samewerking tussen die VCA en die komitee van beskuldigde 11 deurdat Esau Raditsela het BEWYSSTUK AT.11, die kennisgewing aan die huurmotors dat hulle hul vervoerdienste moet onttrek, verskaf.

HOF: Kan u my net sê die optog in Boipatong, sou op die plein begin het en dan sou dit waarnatoe gaan? Na Houtkop toe?

MNR FICK: Dit is die bewering wat gemaak word. Ek wil aan die hand doen dat..

HOF: Wat is die afstand tussen daardie plein en Houtkop?

MNR FICK: Uit die vuis uit sal ek nie kan sê nie, ek sal moet terugkom daarnatoe, maar ek wil aan die hand doen dat die hele idee was om soveel mense bymekaar te kry soos by die ander plekke in die Vaal sodat hulle vandaar kon oorgaan na geweldpleging en ek kom later daarby, maar dit is met alle respek een van die redes waarom beskuldigde 11 so 'n patetiese poging aangewend het op die plein toe die mense uitmekaar uit sou gaan en die polisie gaan jaag het, om die mense bymekaar te hou. Hy het bittermin gedoen om die optog bymekaar te hou en die mense te keer om oor te gaan na geweldpleging en ek wil aan die hand doen hy het dit gedoen omdat dit saamgeval het met die algemene plan dat daardie dag moet

daar / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar geweldpleging wees. Ek wil dan gaan na bladsy 336 toe, paragraaf 4.4.5, dit is BEWYSSTUK AT.9, dit is notas wat beskuldigde 11 gemaak het van die vergadering wat op 18 Januarie 1984 by Khotsohuis bygewoon het. Ek wil aan die hand doen dat beskuldigde nr.11 was totaal oneerlik met hierdie hof. Hy wou nie die hof in sy vertroue neem nie en dit is om daardie rede dat hy vorendag kom met so ŉ onsinnige stukkie getuienis dat hulle besluit op een plek dat hulle gaan Johannesburg toe na Khotsohuis toe vir ŉ vergadering maar hulle vind nie uit of Khotsohuis beskikbaar is en of hulle hom mag gebruik nie. Dit is duidelik hy probeer die skakeling tussen sy komitee en UDF en die ander organisasies in Khotsohuis wegsteek vir die hof. Ook ten aansien van paragraaf 4.4.7 op bladsy 337 oor BEWYSSTUK AT.10 wil ek aan die hand doen dat beskuldigde 11 se getuienis ongeloofwaardig is. Waarom wou hy nie sy komitee inlig op 21 Januarie 1984 oor die vergadering wat hy gaan bywoon het in Khotsohuis nie? Ek wil op bladsy 338 verwys na die finale betoog. Dit is ons betoog dat die Boipatong Residents' Committee wel bestaan het en opereer het in Boipatong; dat die organisasie en die ander geaffilieërde organisasies van UDF, naamlik Bophelong Civic Association, Bophelong Youth Association, die VCA, Boipatong Civic Association saamgewerk het en UDF se kampanjes teen swart plaaslike besture en die grondwetlike bestel en die MSC ondersteun en aktief uitgevoer het. Ek wil aan die hand doen dat beskuldigde nr.11 selfs vir Peter Mohapi in die duister gelaat het oor wat hierdie komitee nou eintlik veronderstel is om te doen en wat hulle verhouding is met betrekking tot UDF en VCA. En dan op bladsy 339, op bladsy 340, verwys

ek / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek na elf redes waarom ek aanvoer dat die VCA en die organisasie en UDF so nou saamgewerk het, dat hulle deel van mekaar was en daar word spesifiek gesê dat Esau Raditsela en Edith Lethlake het nie net die vergadering kom bywoon nie, maar hulle het self kom praat op die vergadering. Esau Raditsela het kom seker maak dat die regte resolusies aanvaar word en dat dit dieselfde is wat op dieselfde dag op ander vergaderings in die Vaal deur die VCA aanvaar is. Esau het die pamflette vir die vergadering van 26 Augustus verskaf. Hy het die pamflette wat die resolusies bevat het laat druk. Hy het pamflette onder die naam van die VCA loop uitgee en die komitee van beskuldigde 11 het dit net so aanvaar en toegelaat. Hy het ook die pamflette oor die taxi-eienaars het hy laat druk en verskaf. Hierdie komitee het die UDF se MSC kampanje uitgevoer. Beskuldigde 11 was in besit van UDF se BEWYSSTUK A.1. Ook die kampanje teen die swart plaaslike besture het hulle aktief uitgevoer. Na die onluste in die Vaal het beskuldigde 11 na UDF kantore gegaan, het hy daar gaan vergader. En hulle komitee het UDF, COSAS en VCA-sprekers uitgenooi na hulle vergaderings, of hulle het beoog om hulle na verdere vergaderings uit te nooi. Dan op bladsy 341 bo-aan wil ek aan die hand doen soos ek daar sê, dat dit is duidelik..

HOF: Is u betoog dan dat Mohapi nie geweet het dat die doel van die saamtrek was om mense daar te kry om geweld te laat losbars nie?

MNR FICK: Ek wil aan die hand doen hy is in die duister gelaat, hy is onder die indruk gebring soos hy onder die indruk was, die verkeerde indruk was met betrekking tot die samewerking tussen sy organisasie en UDF, is hy in die

duister / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

duister gelaat deur beskuldigde nr.11 oor presies wat beoog word by die optog, of die optog aan die gang gaan wees en wat hulle gaan doen.

HOF: Ja, maar as hy nou eerlik gedink het dat daar wel 'n egte optog sou wees waarom kon beskuldigde 11 nie gedink het dat daar 'n egte optog sou wees nie?

MNR FICK: Ek wil aan die hand doen dat uit die getuienis is dit duidelik dat beskuldigde 11 is die dryfveer van hierdie organisasie. Hy is die man wat vir Frank Chikane skakel; hy is die man wat met Esau skakel. Dit is nie Peter Mohapi nie, nr.11 is die man, die groot man in hierdie organisasie. In paragraaf 5.7 word dit betoog dan dat beskuldigde 11 en sy Boipatong Residents' Committee wel onder die VCA se vleuel opereer het en dit word betoog dat die geweldpleging wat ook in Boipatong uitgebreek het deel gevorm het van die algemene geweldpleging wat oral op 3 September in die Vaal uitgebreek het na die mobilisering van die massas deur die UDF se affiliale ten opsigte van al die swart plaaslike besture. Dit word verder betoog dat beskuldigde 11 duidelik moes geweet het van die geweldpleging van 3 September toe hulle by die vierkant was maar dat hy nogtans met hierdie kennis geen behoorlike stappe geneem het om die geweldpleging te voorkom nie eenvoudig omdat dit binne die algemene plan van beskuldigde 11 vir die dag geval het, naamlik dat dit deel moes wees van die algemene geweldpleging.

Ek wil dan gaan na die getuienis ten opsigte van Bophelong op bladsy 343, paragraaf 1.1 ten opsigte van die vergadering van 29 Augustus, wil ons net na een aspek verwys en dit is die staat se betoog dat hierdie vergadering

gehou / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehou was deur die raadslede in ŉ poging om aan die gemeenskap te verduidelik waarom huurverhogings noodsaaklik was. Ek wil aan die hand doen soos ek op die volgende bladsye uiteensit met verwysing na elke passasie, dat die verdediging het ŉ aantal getuies geroep wat mekaar totaal weerspreek het, wat die stellings wat die verdediging ook in hierdie saak gemaak het nie staaf nie en op bladsy 346 wil ek spesifiek betoog dat die stukkie stelling wat gemaak was ten opsigte van die vuurwapen wat raadslid Mokoena sou gehad het en wat hy sou getrek het op die vergadering wil ek aan die hand doen is een van die voorbeelde weer eens van die verdediging se poging om die polisie aan te merk as die oorsaak van die geweldpleging, en die raadslede en die staat.

HOF: Op bladsy 347, 1.3.1.1 is daar nie ŉ stukkie weggelaat nie?

MNR FICK: Die voorste deel: weerspreek.

HOF: Sy weerspreek paragraaf..?

MNR FICK: Dit is korrek. Dit is die bladsye waarna ek verwys tot op 348, paragraaf 1.3.1.7, dit is al die weersprekings tussen die getuies.

HOF: Maar kom ons aanvaar nou dat daar ŉ ontsettende klomp weersprekings is oor die vergadering as sulks. Ons weet dit is ŉ vergadering wat in wanorde uiteen is. Ons het nou daardie feite, maar hoe bring dit ons enigsins nader - watter afleiding wil u van die feit maak?

MNR FICK: Die staat wil vra dat die hof die afleiding moet maak dat die vergadering was ook opgebreek nie as gevolg van die feit dat die raadslede nou daar met vuurwapens sou rondgeloop het en dié tipe van dinge nie, maar dit is deel van die algemene kampanje wat aan die gang was in die Vaal

naamlik / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

naamlik dat die raadslede moet afgebreek word, hulle moet sleggemaak word, hulle moet nie ʼn kans kry om hulle kant van die saak te stel nie.

HOF: Maar ons het geen beskuldigde of persoon wat intiem gekoppel is aan die beskuldigdes wat by hierdie opbreek betrokke is nie.

MNR FICK: Nee, dit is so.

HOF: En ons het ook nie ʼn organisasie wat by die opbreek betrokke is nie, so ons het net ʼn vergadering wat opgebreek is.

MNR FICK: Dit is korrek, maar ek wil aan die hand doen dat dit wys wel tot watter mate die gehoor, wie hulle ookal is al opgesweep was in die saal teen die raadslede. Want ons weet in die Vaal was daar kampanjes teen die raadslede aan die gang op daardie stadium. Dan bladsy 355, net een aspek paragraaf 1.3.4.3 wil ek weer eens die hof se aandag vestig op die getuie wat geroep is deur die verdediging, Letsele.

HOF: 2.3.4.3?

MNR FICK: Dit is korrek, en ek wil aan die hand doen dat hierdie is ook ʼn voorbeeld van die taktiek wat gebruik is oral, landswyd en soos in hierdie saak gedemonstreer is, dat mense kom om die polisie valslik te beskuldig. Dit is ʼn algemene strategie wat gevolg word dat die polisie is die slegtes. Dan kom hierdie man openlik en hy vertel vir die hof dat hy het gesien hoe die polisie kinders slaan wat in die strate speel en later blyk dit, dit was speletjies gewees. Nou wat bladsy 356 betref, dit is die geweldpleging van 39 Augustus tot 3 September 1984. Daar het die verdediging getuienis aangebied wat sou aangedui het hoe die polisie oor hierdie tydperk mense met sambokke sou geslaan het,

mense / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mense met traanrook sou geskiet het, maar dit word betoog dat hierdie getuienis erg gebrekkig is want die eerste getuie Mcetywa kom getuig vir die verdediging, hy beweer maar alles is normaal en stil, gewoon. Hy weet die polisie het die gebied patrolleer maar daar het niks snaaks gebeur nie. Ook die getuie Phali getuig dat op 1 September het daar niks buitengewoon gebeur nie, op 2 September weet hy ook van geen probleme nie. Mogotsi kom en dié getuig dat sy van 30 Augustus 1984 gesien het hoe "kinders", wat sy beskryf as kinders van ongeveer 25 jaar oud deur die polisie gejaag word. Dit word nou aangebied om te wys dat die polisie is die aggressors, maar dié getuie kom sê vir die hof sy weet nie wat vooraf gebeur het, hoekom het die polisie die mense gejaag nie. Bladsy 357, paragraaf 2.2 word betoog dat die verdediging se poging om aan te toon dat die polisie hulle op Bophelong skuldig gemaak het aan sinnelose geweldpleging teenoor die inwoners, dat hulle die oorsaak sou wees van die daaropvolgende geweldpleging van 3 September, word betoog het totaal misluk. Dan op bladsy 357 is 'n opsomming van die getuienis oor die geweldpleging wat volgens die staat daar plaasgevind het. Ek wil nie die hof na enige spesifieke aspekte daar verwys nie. Ek wil dan gaan na bladsy 360, paragraaf 3.1, dit is BEWYSSTUK W.24, 'n UDF News van Oktober 1983. Hier word op bladsy 3 gespog deur UDF hoe aktief hulle was sedert stigting en daar word uitdruklik verklaar dat hulle op massavergaderings en werkswinkels onder andere in Bophelong by die massas gepropageer het dat die plaaslike besture hulle gaan ondruk en word die massas geïndoktrineer om nie aan die verkiesings deel te neem nie. Dan paragraaf 3.2 op die volgende bladsy, die derde reël begin met die

woorde / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

woorde "geweld", dit moet lees "gemeld".

HOF: Ekskuus, ek is nie met u nie. 3.2?

MNR FICK: 3.2, dit is BEWYSSTUK W.32, die derde reël begin met "geweld"..

HOF: "te alle tyd geweld".

MNR FICK: Dit moet wees "gemeld". Hierdie SASPU National van Desember 1984, ek kan dit miskien net vooruitloop, ek sal later daarby kom. Die erkenning van die verdediging is dat die SASPU National sou disaffiliëer het in Juniemaand 1984. Hy was toe nie meer geaffiliëerd gewees nie, maar ek wil aan die hand doen op grond van inligting wat ek later aan die hof sal wys verder in die betoog dat hierdie SASPU National het voortgegaan om UDF se vergaderings by te woon. Ek sal die bewysplek op 'n later stadium vir die hof aantoon, maar ek wil aan die hand doen dat om hierdie rede wil ek nou al betoog dat die hof kan net op wat SASPU National sê hy is volgens sy uitgawes, al sy uitgawes, is hy 'n aktiewe ondersteuner van UDF te alle tye. Net soos mens kan sê van die Speak, Grass Roots en al hierdie ander gemeenskaps-koerante. Daar is nie een woord van kritiek ooit teen die UDF of hulle affiliale nie. Daar is net 'n goedpratery van die UDF en sy affiliale. Daar word orals onderhoude toegestaan aan UDF leiers, die leiers van geaffiliëerdes van UDF en die totale inhoud van hierdie publikasies handel alles net oor UDF en sy affiliale se aktiwiteite. Ek wil aan die hand doen dat uit hierdie bewysstuk is dit duidelik dat die VCA ook te Bophelong aktief georganiseer het en daar 'n area-komitee gehad het soos dit gestaaf word deur die getuie IC.8. Uit BEWYSSTUK AN.9 van 7 Februarie 1984 is dit duidelik dat hierdie Bophelong Youth Association en die Civic

Association /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Association saam met Boibatong se organisasies en die VCA betrokke was by die skolekwessie in die Vaal, en dat hulle op daardie stadium reeds nog besig was om dreigemente te uiter waar hulle onder andere ten opsigte van die skoolhoofde gesê het dat as hulle eise nie nagekom word nie, naamlik dat geskorste skoliere moet terugaan en dat hulle werklikwaar eis dat hulle die skool saam met die skoolkomitee wil bestuur, as dit nie nagekom word nie dan kan hulle drastiese stappe verwag. So ook BEWYSSTUK AN.10 op 362 bevat ook 'n dreigement en dit dui aan dat hierdie organisasie in Februarie 1984 nog aktief was.

HOF: Wat is AN.10? Is dit 'n vlugskrif of wat is dit?

MNR FICK: Dit is 'n vlugskrif wat uitgereik is deur hierdie selfde vier organisasies wat gerig was aan - ek dink aan die administrasieraad of aan 'n sekere persoon by die raad, omdat die raad sou nou volgens hulle verbied het dat kerke gebruik word. Uit BEWYSSTUK AAC.47 is dit eweneens duidelik dat die kampanje van die UDF, die MSC kampanje word ook in Bophelong deur die VCA, Bophelong Youth Congress en COSAS uitgevoer. Ek wil aan die hand doen dat die feit dat hulle hierdie kampanje van UDF uitvoer is 'n duidelike bewys dat hulle dieselfde ideologie aanhang, dieselfde oogmerke nastreef en dan bladsy 363, paragraaf 3.7 word dit betoog dat dit uit al die getuienis duidelik is dat die kampanje van UDF teen die swart plaaslike besture in die Vaal aktief uitgevoer is, dat die massas ook hier opgesweep is in die kampanje om die raadslede te verwerp en ek voer dan aan dat hierdie vergadering van 29 Augustus 1984 is 'n praktiese voorbeeld van hoe die kampanje uitgevoer is waar die raadslede deur die gemeenskap verwerp is.

Ek / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek gaan dan na die volgende gebied toe, Tokoza. Tokoza is een van die gebiede waar viva voce-getuienis aangebied is deur enige party nie maar daar is wel sekere bewysstukke voor die hof. Die eerste een is BEWYSSTUK C.99 wat 'n gemeenskapsorganisasie werkswinkel was wat by UDF se kantore gevind is. Daar word bevestig dat ERAPO het 'n tak in Tokoza en ons weet ERAPO is 'n geaffiliëerde van UDF. Uit BEWYSSTUK C.110 is dit duidelik op bladsy 1, paragraaf 2, dat die UDF bevestig dat die kampanje teen die swart plaaslike bestuur nie geëindig het na die verkiesing in November 1983 nie maar dat dit voortduur met die doel dat die woongebiede oorgeneem gaan word..

HOF: Tokoza is watter plek se woonbuurt? By Boksburg of Benoni?·

MNR FICK: Ek is nie seker nie. Laat ek net seker maak, ons is nie seker van die twee gebiede nie, ons sal gou seker maak. Alberton.

HOF: Alberton?

MNR FICK: Alberton. Dit word betoog dat bladsy 12, paragraaf 3, BEWYSSTUK C.110, dit duidelik maak dat die doel van die kampanje gemik is op die bereiking en die daarstelling van alternatiewe strukture. In BEWYSSTUK C.118 is die UDF Emergency Working Document, wat uitgereik is 'n paar weke na die onluste in die Vaal en dan word in hierdie dokument dit duidelik gemaak dat daar 'n "emergency", dat daar sekere stappe geneem word om UDF se werk voort te sit en dan bevestig UDF dat die stryd in Tokoza voortgesit word deur die Oos-Randse areakomitee van UDF. BEWYSSTUK W.21, verklaar die aktiewe ondersteuners van UDF en sy affiliale dat die skoleboikot in Tokoza afkomstig is van Tembisa. 'n Ding wat

begin / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

begin is in Tembisa en hulle bevestig ook dat soos die skoliere meer begin boikot het, het die gewelddadige botsings tussen die polisie en die skoliere toegeneem. Hulle bevestig in BEWYSSTUK W.32 dieselfde organisasie, SASPU National bevestig ook dat agt laerskole en 'n hoërskool deelneem aan die boikot, dat raadslede se besighede afgebrand is en ander geweldpleging uitgebreek het. Dit word betoog dat skoleboikotte het hoogty gevier in Tokoza, dit is bewys. Dit word ook etoog dat die geweldpleging in Tokoza ontstaan het na die organisering, mobilisering van die swart massas rondom die swart plaaslike besture en die skolekwessie, en dat ERAPO en COSAS hiervoor verantwoordelik was; dat UDF die massa-aksie plaaslik gekoördineer het deur sy areakomitee.

Katlehong, die volgende gebied op bladsy 367 is ook 'n gebied waar daar geen <u>viva voce</u>-getuienis aangebied was nie. Hier word ook in BEWYSSTUK C.99 gerapporteer by die gemeenskapsorganisasie se werkswinkel dat ERAPO saam met die Homeseekers' Committee werk in Katlehong hoewel hulle nie daar self 'n tak het nie. BEWYSSTUK C.118 van UDF word daar weer gerapporteer dat die Oos-Randse areakomitee voortgaan om ook in Katlehong die gemeenskap, die skoliere en die werkers se stryd voort te sit. Dit word so in die bewysstuk gemeld as hulle doelstelling. So ook BEWYSSTUK K.1 vind ons in die notule van UDF se algemene vergadering van 17 September 1983 dat UDF het daar al begin om die massas toe te spreek in Katlehong. Dit was gedoen om uitvoering te gee aan die UDF se beleid om die massas landswyd in die vryheidstryd te verenig. Op die volgende UDF vergadering vind ons op 12 November 1983 dat die UDF verklaar sy

betrokkenheid / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

betrokkenheid in Katlehong en daar word gerapporteer welke vordering hulle gemaak het met al hierdie kampanjes teen die swart plaaslike besture. BEWYSSTUK S.10, dit is die notule van die Transvaalse UDF uitvoerende komitee van 11 September 1984, word bevest dat die UDF se Oos-Randse areakomitee gevorm is en dat hulle werksaam is in Katlehong. In BEWYSSTUK W.2, dit is Speak van Maart 1985, word bevestig dat raadslede te Katlehong tydens 'n vergadering wat oor die huur gehandel het aangeval en gestenig is. Dan BEWYSSTUK W24, die UDF News van Oktober 1983, word bevestig dat UDF wel die massas in Katlehong toegespreek het en plakkers en verskuiwings as knelpunt gebruik het om die massas te mobiliseer in die vryheidstryd. In BEWYSSTUK W.32 vind ons dat die UDF die kampanje teen swart plaaslike besture..

HOF: Wie gee "State of the Nation" uit?

MNR FICK: Ek sal in 'n paar oomblikke terugkom daarheen, ek wil net vasstel uit die bewysstuk self. Daar word bevestig dat hierdie kampanje gevoer is in Katlehong, dat die raadslede bedank het en selfs ook dat die plaaslike bestuur - stelsel onwerkbaar geword het. Dan word ook verwys na die skoleboikot in Katlehong. In BEWYSSTUK W.42 wat die UDF News is, sê UDF self in die artikel "We want a representative council at schools now", dat hy betrokke is in die skolestryd en UDF bevorder ook die eise van die skoliere soos deur COSAS gestel is.

HOF: Maar hoe bring u dit onder die hoof Katlehong tuis?

MNR FICK: Uit die artikel is dit duidelik dat die boikot te Katlehong by die skole ook gaan om die eise soos deur COSAS gestel.

HOF: So dit is 'n artikel wat oor Katlehong handel?



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR FICK: Onder andere, dit is 'n klomp plekke, edele. Dan verwys ek na BEWYSSTUK AAC.55, paragraaf 2.11, dit is 'n SASPU National waar op bladsy 12 verklaar word dat ook te Katlehong 'n sogenaamde student/parent komitee gestig is en dan verwys ek na die getuienis van mev Thobela van die verdediging en BEWYSSTUK CA.47 en CA.43 waaruit dit duidelik is dat hierdie komitees nie alleenlik deur COSAS gestig en inisiëer is nie maar dat hulle inderwaarheid deur die NECC 'n UDF-meeloper, beheer word. Ook uit BEWYSSTUK AAV.6, dit is die sogenaamde Film and Media Unit Borrowing Body, is dit op bladsy 12 duidelik dat Katlehong se Youth League videos oor die UDF gaan leen om te vertoon. Dan verwys ek weer na BEWYSSTUK C.110 ten aansien van Katlehong. Ek wil nie dit verder behandel nie want dit is reeds ten aansien van die vorige plek behandel, dieselfde bladsy en paragraaf. Ek wil aan die hand doen op bladsy 372, paragraaf 3, dat dit is duidelik uit die dokumentêre getuienis in die afwesigheid van enige getuienis deur die verdediging dat ERAPO wel te Katlehong georganiseer het in medewerking met ander plaaslike organisasies en dat die knelpunte van behuising en die onvoldoende riolering opgeneem is; ook dat UDF die aksie in Katlehong koördineer soos BEWYSSTUK C.110 dit bevestig en dat die kwessie van huur, onderwys en plakkery opgeneem is en ook dat UDF die skoliere-eise daar gekoördineer het en spesifiek verwys ek daarna dat UDF bevestig dat hy bewus is daarvan dat dieselfde taktiek in 1976 gebruik was waar ons almal weet geweld op grootskaal losgebars het en bevestig verder dat dit ook nou weer eens weerstand aangehelp het en dit word betoog dat die weerstand geweld behels soos die verdediging in hul erkennings ook toegee dat

daar / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar geweld was. Dit word verder betoog dat die UDF deur middel van sy Oos-Randse area-komitee reeds van 11 September 1984 aktief besig was om die vryheidstryd in Katlehong to koördineer, dat hulle UDF massavergaderings daar toegespreek het en dat die kampanje teen swart plaaslike besture in Katlehong ook deur UDF gekoördineer word.

Ek gaan dan oor na DUDUZA. Op bladsy 374 is dit eerstens net duidelik in die algemeen dat daar wel geweldpleging was hierso, dat die geweldpleging teen die administrasieraad, raadslede en raadsgeboue gerig was en dat daar onder andere 48 huise deur klipgooiery en brande beskadig was in Duduza. Ook is dit duidelik dat die polisie in paragraaf 1.1.2 teikens was. Dit is duidelik dat DUCA en COSAS in hierdie gebied vergaderings gehou het en bestaan het. Dan verwysende na bladsy 376, paragraaf 1.1.9 waar ek aan die hand doen dat dit duidelik is dat die inwoners soos mev Thobela ook kom getuig het. onredelik is in hul eise. Hulle wou allerhande geriewe hê maar hulle weet nie wat hulle wil hê met betrekking tot die betaling nie. Die een oomblik wil hulle nie betaal daarvoor nie, die volgende oomblik sê mev Thobela vir ons ja, dit moet eers daar staan, geïnstalleer wees dan sal sy betaal daarvoor. Ek wil aan die hand doen dit is een van die voorbeelde van onredelikheid van die eise wat gestel word om die massas te mobiliseer. Dit is verder duidelik dat die kwessie van Charterstone soos mev Thobela ook getuig het word gebruik om die massas op te sweep maar Charterstone het nou die geriewe wat hulle nooit daar kon gehad het, die swart mense self nie, omdat die mense wat nou daar is, die kleurlinge, betaal daarvoor. Dan wil ek u verwys na bladsy 382, dit is die getuienis van mev

Thobela / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Thobela, die laaste paragraaf waar sy getuig dat die komitee wat gevorm sou gewees het, die student/parent-komitee sou gevorm gewees het na die prinsipale van die twee plaaslike hoërskole nie die griewe van die leerlinge kon oplos nie. Sy getuig dat die skoliere daardie tyd weggebly het van die skool en dan "involved" was in "some rioting". Dit is haar spesifieke woorde en toe die skoliere teruggekeer het na die skool is dié komitee gestig. Ek wil aan die hand doen dat hier is duidelik bevestiging van geweldpleging wat by die skole was. Mev Thobela ontken wel later dat sy dit sou gesê het in hoofgetuienis en dit is ook duidelik op bladsy 383, die eerste paragraaf bo doen ek aan die hand dat dit duidelik uit die kruisverhoor van mev Thobela is dat die komitee, die student/parent-komitee inisiëer is deur COSAS. Dit was gekies op 'n vergadering wat COSAS byeengeroep het waar COSAS se bestuur teenwoordig was en die persoon Willy Mazibuku was die voorsitter; dit is die voorsitter van COSAS, hy is die man wat op die vergadering voorsitter was. Op bladsy 383, die laaste twee paragrawe verwys ek na die getuienis van mev Thobela waar sy toegee dat daar nooit vir hulle gesê is Duduza gaan gratis verbeterings kry nie en dat sy nie weet wat sy wil hê in die aansoek om verbeterings nie. Ek wil aan die hand doen dat mev Thobela ook 'n getuie is wat nie alleenlik vyandiggesind is teen die staat nie, maar sy is duidelik 'n mens wat met 'n klomp gewaande griewe rondloop. Haar man het gestaan in die verkiesing maar het uitgeval en daarna het sy en haar man betrokke geraak by DUCA. Ook in die geval van Duduza is dit duidelik uit die stellings wat die verdediging gemaak het word nie gestaaf deur die getuies wat die verdediging

daarna / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daarna geroep het nie - so vind ons op bladsy 385, paragraaf 1.2.1.18 dat mev Thobela die datum wat gestel is toe die student/parent komitee gestig is weerspreek.

HOF: Is dit 'n belangrike weerspreking?

MNR FICK: Dit is...

HOF: Of dit Oktober is of November?

MNR FICK: Dit is nie belangrik nie maar dit is maar een van die weersprekings wat daar is. Dan wat wel belangrik is is dat dit blyk uit haar getuienis dat hierdie student/parent komitee wat geïnisiëer is deur COSAS deel was van 'n nasionale liggaam wat Vusi Khanyile, wat alreeds uit die getuienis van dr Motlana 'n lid van die bestuur van die Soweto Civic Association was. Ek sal later vir die hof ook die verwysing daar gee. Dit is in die betoogshoofde. Hy was op die bestuur van hierdie liggaam. Dit wys ook die betrokkenheid van die Soweto Civic Association ondanks die ontkenning van beskuldigde 16 by die skoleprobleme. Dit word betoog dat dit duidelik is dat die hele doel agter die student/parent-komitee was om die aksie ten opsigte van die skolekwessie op 'n nasionale grondslag te koördineer. En daar word betoog ook verder, nog steeds op bladsy 385 dat die student/parent-komitee was gekoppel aan die NECC, 'n liggaam wat soos on weet uit BEWYSSTUKKE CA.42 en CA.46 geweld gepredik het en dit word betoog dat hierdie organisasie onderwys misbruik vir doeleindes van die "liberation struggle". Die getuie op bladsy 386, stem saam met BEWYSSTUK W.21, bladsy 8, waar beweer word dat die skoleboikotte van Tembisa na Duduza gesprei het en dat die skoliere daar uit simpatie begin boikot het saam met die ander skoliere wat geboikot het. Ook weerspreek mev Thobela, dit is op

bladsy 386 / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bladsy 386, paragraaf 1.2.1.23, die verdediging se stelling dat die inwoners geglo het die huurverhogings word ingestel om te betaal vir die herstel van die gemeenskapsaal. Die getuie, mev Thobela, en die ander getuies van die verdediging oor die algemeen wil ek op die volgende paar bladsye saamvat, se getuienis weerspreek mekaar totaal oor die vergaderings wat DUCA sou gehou het. Sy beweer dat DUCA in 1983 vergaderings gehou het; die ander verdedigingsgetuie, mnr Mhlabi ontken dit. Hy sê daar was geen vergaderings gehou in 1983 deur DUCA nie. Dan kom 'n ander getuie, mnr Tsagane, hy kom getuig voor die hof maar dit is heeltemal verkeerd hierdie vergaderings is in 1982 gehou. Hy het weer 'n ander weergawe. Dit is in elk geval duidelik uit BEWYSSTUK C.99 dat DUCA eers gestig is in 1983 en nie in 1982 al vergaderings gehou het soos beweer is deur verdedigingsgetuies nie. Tot op bladsy 390 gee ek al die weersprekings tussen die verskillende verdedigingsgetuies en ek wil niks daarby voeg nie. Dan op bladsy 390 onderdaan, paragraaf 2, handel oor die begrafnis op 4 November 1984 te Duduza, dit was die begrafnis van ene Douglas Nqunu.

HOF: Douglas Msuma of Douglas Ngcunu.

MNR FICK: Ngcunu moet dit wees, dit is 'n tikfout. Ngcunu (spel dit). Ten opsigte van hierdie begrafnis wil ek aan die hof betoog dat hierdie begrafnis is 'n aanduiding soos die ander begrafnisse op Duduza en ook die ander plekke, 'n voorbeeld van hoe begrafnisse uitgebuit word deur die organisasies vir mobilisering en politisering van die massa. Ek wil vir die hof vra om te bevind dat op hierdie begrafnis was hier kis gedra op die skouers en daar was die swart, groen en geel lap gedrapeer oor die kis. Op

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die begrafnis was daar COSAS wat die - skoliere kleintjies met COSAS T-hemde aan, daar is vryheidsliedere gesing en ek wil aan die hand doen dat die drie getuies wat die verdediging geroep het oor die kwessie van die kis weerspreek mekaar wesenlik oor die vervoer van die kis - ek behandel dit op bladsy 391 onder-aand begin dit tot 392 bo-aan, ek het die verwysings daar. Die een beweer die kis was in 'n voertuig gewees, die ander een beweer die kis was gedra tot buite die kerk se perseel en net om die hoek toe hulle in die straat kom daar is die kis op die skouers gedra. Die ander beweer nee, die kis was die hele end met die pad af vervoer vir sowat 'n kilometer en toe is hy uitgehaal uit die lykswa en op die skouers gedra. Elkeen sou toe gesien het dat daar is niks bo-op hierdie kis. Ek wil aan die hand doen dat hierdie weersprekings wat daar is, is omdat die mense vir die hof leuens vertel, hulle probeer die kwessie van die vlag op die kis toesmeer vir die hof. Dan is daar die kwessie van die vergadering van 17 Februarie 1985 op bladsy 393. Geen staatsgetuies het oor die vergadering getuig nie maar daar was wel 'n stelling deur die verdediging gemaak en ek wil aan die hand doen dat mev Thobela wat kom getuig het oor hierdie vergadering het die stellings wat gemaak is totaal weerspreek, soos op bladsy 393 en 394 uiteengesit word. Ook Mazibuko wat kom getuig het se weergawe verskil nie net van die stelling wat gemaak is as verweer nie maar ook van mev Thobela se getuienis. Ook vind mens die stukkie getuienis hier dat die raad sou, DUCA se liggaam sou probeer keer het dat die mense die nagemmers wegdra en gaan wegsit maar dit is interessant dat daar nêrens so 'n stelling gemaak is nie en mens sou verwag dat die verdediging wat

daarop / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daarop uit is om te probeer bewys dat DUCA niks met so 'n stap teen die raadstelsel te doen het nie definitief daardie stelling sou gemaak het as dit die waarheid was. Die enigste stelling wat gemaak word, word deur sy eie getuies weerspreek. Dan bevind ons die begrafnis van 26 Februarie 1985 van Mkwanazi - daar is 'n gruwelike tikfout.

HOF: Mkwanazi.

MNR FICK: Nkwanazi. Op bladsy 395 - hieroor is ook geen getuienis deur die staat aangebied nie maar mnr Mhlambi het wel vir die verdediging getuig en sy getuienis is weer 'n swartsmeerdery van die polisie, hoe die polisie daar gekom het by die begrafnis en dan by die huis probleme sou geskep het vir die mense en oor die baddens gery het en oor die kos sou gery het, maar die getuienis van Mhlambi bots direk met 'n ander weergawe wat in BEWYSSTUK AAC.55 op bladsy 5 verskyn, ten opsigte van wat daar gebeur het en waar die polisie daar swartgesmeer is.

Dan die begrafnis van Thobela, bladsy 396. Dit is getuig dat na hierdie begrafnis is 14 huise afgebrand en die besigheid van 'n raadslid wat reeds bedank het, ene mnr Namane, is ook afgebrand.

HOF: Wie gee die getuienis?

MNR FICK: Ek dink dit is die getuie Muller.

HOF: Muller?

MNR FICK: Dit is so. Dit blyk verder van 'n ander getuie mnr Van Tonder wat sê hy het observasie gehou by die begrafnis. Hy het gesien dat 12h00 toe die diens begin het is die stoet daar verby. Hy vertel ook hoe die kis gedrapeer was in swart, groen en geel lap en daar was 'n COSAS banier en mense het COSAS T-hemde gedra. Nou sy getuienis oor

wat / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat daarna sou gebeur het terwyl die stoet die begraafplaas inbeweeg het, naamlik dat ŉ klomp mense op ŉ gebou se dak geklim het en begin skreeu en gebalde vuis getoon het en dat ŉ ander groep van 500 toe die stoet die begraafplaas inbeweeg het weggebreek het en die polisie gaan aanval het, is nooit deur die verdediging weerlê nie. Al die getuies wat die verdediging geroep het is mense wat òf voor aan die stoet was òf mense wat eerste daar weg is. Nie een van die getuies wat die verdediging geroep het was in ŉ posisie om hierdie getuienis te weerlê nie en ek vra die hof om te bevind dat dit wel bewys is deur die staat dat hierdie groep wat weggebreek het van die stoet voor die begrafnis reeds die polisie gaan aanval het onder andere met petrolbomme.

HOF: Waar stel u dié van die petrolbomme in u hoofde?

MNR FICK: Dit is op bladsy 397.

HOF: 3.2.3?

MNR FICK: Bladsy 379, 5.2.3

HOF: U sê dit is ook nie weerlê nie?

MNR FICK: Dit is ook nie weerlê nie. En eers daarna het die polisie rubberkoeëls en traanrook geskiet en die klomp het die gebied ingevlug. Dieselfde tyd toe die polisie daar weg is, is ook die polisieman se huis aangeval, ŉ sekere Mapileba se huis is met ŉ petrolbom aan die brand gesteek, dit is op bladsy 398 bo-aan; asook ander polisiemanne se huise. En die getuienis dat daar van daardie datum af padversperrings aangebring was in die woongebied, dat daar etlike aanvalle was..

HOF: Is 5.2.5 reg?

MNR FICK: Hy is korrek.

HOF: Die huis van adjudant-offisier Mapileba.

MNR FICK / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR FICK: Is 30 meter van die plek..

HOF: Mapileba - O ja.

MNR FICK: Dit is korrek. Ek wil aan die hand doen dat die geweldpleging wat toe uitgebreek het op daardie dag en vir 'n paar dae aangegaan het was na die opsweping van die massas. En was 'n direkte uitvloeisel van hierdie begrafnis en dat die mense wat die ding begin het, toe hulle daar weggehardloop het was geklee in COSAS T-hemde.

HOF: Wat is hierdie Ko..wat staan in 5.2.6?

MNR FICK: Ekskuus edele, dit moet wees konstabel, jammer

HOF: Konstabel. Ja?

MNR FICK: Dan doen ek aan die hand op bladsy 400, behandel ek die getuienis van mev Thobela oor wat by haar huis sou gebeur het, heel bo-aan. Ek wil aan die hand doen dat haar getuienis is leuenagtig oor waar sy die polisie beskuldig vir wat hulle by haar huis sou gedoen het. Haar getuienis in kruisverhoor bots met haar hoofgetuienis. Sy het bevestig in elk geval dat sy gehoor het van die klomp huise wat gebrand is na die begrafnis. Haar getuienis met betrekking tot wat sou gebeur het by haar huis toe haar dogter beseer is waarna sy oorlede is, is strydig met haar verklaring wat sy afgelê het by die geregtelike doodsondersoek. Dan op bladsy 400, paragraaf 4.4.2, daar wys ek uit dat Mhlambi weet nie wat gebeur het met die agterste deel van die stoet toe hulle op pad is na die begraafplaas nie en dit is om daardie rede dat ek sê die man kan ook nie betwis wat die staatsgetuies gesê het nie. Verder erken hy dat daar van 18 Mei af 'n deurmekaarspul was in Duduza, hy het padversperrings gesien en hy weet daar was 'n bakleiery.

Dan die dokumentêre bewysstukke. Dit is weer



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

BEWYSSTUK C.99. Dit word betoog dat hierdie dokument wat in 1984 of daarna opgestel is, hy het geen datum die dokument self nie maar hy verwys na gebeure in 1984, duidelik aantoon dat die organisasies wat hulle daar noem asook die Soweto Civic Association en takke van hom deel was van hierdie werkswinkel waar hulle die aard en die geskiedenis van die sogenaamde "civic struggles" bespreek. Dit is ook duidelik uit hierdie dokument dat dit bevind is by hierdie werkswinkel dat die massas "ready and aware" is en dat dit net nodig is om geaktiveer te word. Bladsy 402, daar wil ek verwys na paragraaf 6.1.5. By die werkswinkel is bevind dat die metodes wat gebruik is om hierdie knelpunte te beveg is die "refusal to pay rents", "confrontation with the boards", "demonstrations", "defiance" en "mass action" en dan word die belangrike bevindinge gemaak dat die "people are independently angry, they need to be organised in order that this anger is transformed into action", en dat die "masses are responding to calls to demonstrate against the black local authorities" en dan word 'n voorbeeld gegee: "occupation of rent offices". Dan word dit uit bladsy 5 van hierdie dokument duidelik dat die organisasies gesien word deur die affiliale van die UDF as die "ongoing platforms" van die massas om hulle woede uit te druk. Dan op bladsy 403, daar verwys ek weer na BEWYSSTUK AAC.5, in die derde reël staan daar in hakies (AA.5) dit moet wees AAS.12, skedule 1, paragraaf 1.3.3) Ek verwys daarna dat hierdie bewysstuk, die artikel wat daar handel oor Duduza is 'n duidelike voorbeeld van baie ander voorbeelde waar die massas deur middel van valse beriggewing oor sekere insidente opgesweep word teen die polisie en die veiligheidsmagte.

En / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En dan BEWYSSTUK ABA.49, dit is 'n pamflet oor 16 Junie se herdenkingsdienste en hy is uitgereik deur UDF self. Hieruit is dit eerstens duidelik dat UDF homself op hoogte gestel het met die herdenkingsdienste se reëlings en dat hy in wese deel daaraan gehad het. In elk geval wat die plekke betref wat daar getoon word, want hulle het nie net die bewysstuk gedruk nie maar hulle het ook hul ampsdraers en bestuurslede soos dr Motlana, Curnick Ndlobu, Cachalia, Paul Mashatile en Gatsby Mazwai gegee as sprekers. Verder word in die dokument nie net die vergadering van 16 Junie geadverteer nie maar die massas word opgeroep om UDF se besluite te ondersteun. Dan sê ek op bladsy 404 wat dit is. Dan sê ek wat ookal die verdedigingsgetuies poog om te sê ten opsigte van die rol van herdenkingsdienste, is dit duidelik uit hierdie bewysstuk dat die herdenkingsdienste openlik misbruik is deur die organisasies, ook UDF, om hul politieke sienswyse en doelstellings te verkondig en te bevorder. En dan wat daar gesê word in hierdie pamflet oor hierdie diens is daar net een stukkie: "Let us remember June 16 by going along with the decisions taken at the UDF (National):

- fighting for people's education in schools
- workers to join the trade unions (wat niks met 16 Junie te maak het nie).
- build people's organisations - councils to die (wat niks met 16 Junie te doen het nie)
- Strengthen women's organisations (wat weer niks met 16 Junie te doen het nie)
- build youth organisations
- end of pass laws (wat ook niks met 16 Junie te doen het nie)

Op / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Op die agterkant volg dan 'n politieke oproep van UDF wat op die voordeligste uitleg vir die beskuldigdes hoogstens gesê kan word 'n terloopse verwysing na 16 Junie te wees. Dan BEWYSSTUK ABA.50, dit is 'n program van 16 Junie 1985 se herdenkingsdiens op Duduza. Daar word betoog dat hierdie program bevestig wat hierbo gesê is dat afgesien van een predikant is al die ander sprekers by 16 Junie se herdenkingsdiens lede van politieke organisasies. So ook ABA.51 en ABA.52. Ek maak dan die volgende gevolgtrekkings en stellings op bladsy 405. Dit is 'n kenmerk van hierdie saak dat die verdediging etlike stellings gemaak het ten opsigte van wat hul verweer sou wees en dat die stellings òf nie realiseer het in die getuienis nie òf in werklikheid weerspreek is òf dat 'n gewysigde weergawe voor die hof geplaas is. En dan noem ek die klomp stellings wat almal weerspreek is, ses van hulle. Dit word betoog dat die kampanje teen swart plaaslike besture wel in Duduza gevoer is deur DUCA onder andere; dat DUCA daarop uit was om deur middel van gewaande en onredelike eise soos die kwessie van betaling vir riolering die massas opgesweep het tot aksie teen die swart plaaslike besture en dat die verwysing na die verweer wat DUCA op die vergadering van 7 Februarie 1985 probeer het om te verhoed dat die nagemmers verwyder word na die raadkantore is vals, dit is nooit gestel nie. Dan betoog ons dat die skolekwessie is uitgebuit deur COSAS te Duduza deur die skoliere te mobiliseer. Die getuienis dat die polisie by die begrafnis van 18 Mei aangeval is met onder andere klippe en petrolbomme is nooit weerlê deur die verdediging nie. Dit is duidelik dat DUCA se griewe wat die inwoners sou gehad het uitgebuit is om hulle woede te verwek sodat hulle oorgaan tot geweldpleging

onder / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

onder andere op 18 Mei en dan mev Thobela bevestig BEWYSSTUK W.21 oor die skoleboikotte wat versprei het en ook dat die begrafnis op 4 November 1984 misbruik is en dat daar wel geweldpleging uitgebreek het teen raadslede en die polisie wat die teikens was en dat die verweer wat die verdediging ook hier probeer stel het naamlik dat die polisie sonder enige rede mense sou aangeval het is vals.

Ek gaan dan oor na bladsy 409, dit is ten aansien van KWATHEMA. Slegs die staat het hier getuienis aangebied met betrekking tot die gebeure in Kwathema en dit is adjudant-offisier Nkosi. Ek wil eintlik net punte uitmerk. Eerstens paragraaf 1.2.1, hy beweer dat van Oktober 1984 was COSAS, UDF, AZAPO en AZASM aktief in Kwathema. Hy beweer dat COSAS het massavergaderings in 1984 gehou te Kwathema by die "civic centre" en soms by die Rooms-Katolieke Kerk en dan getuig hy verder dat ses polisiemanne se huise is gebrand ook sy eie huis, dit is nog alles op bladsy 409. En dat raadslede na Oktober 1984 bedank het - van die raadslede. Dan op die volgende bladsy volg 'n klomp stellings van die verdediging, tot op bladsy 411. Die verdediging het in paragraaf 1.2.13 erken dat daar wel 'n COSAS-tak by Kwathema is. Dit is verder erken dat Cyril Jantjies 'n lid van ERAPO in 1984 was en op bladsy 412 is dit ook gestel dat hierdie Jantjies die vergaderings wat hy bygewoon het as lid van ERAPO en nie as lid van COSAS of AZAPO sou bygewoon het nie. Dan verwys ek na die gebeure op 6 Oktober 1984 toe hierdie getuie se huis aangeval is. Dan verwys ek na bladsy 413 waar gestel is dat onluste sou ontstaan het nadat 'n voertuig uit beheer geraak het en mense doodgery is. Ek verwys ook na die feit dat op 16 Oktober 1984 op bladsy 413 die

burgemeester/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

burgemeester se huis twee keer aangeval is. Op bladsy 414 dat daar weer aanvalle was by die burgemeester se huis asook dat die biersale van die raad aan die brand gesteek is. Dan wat 5 tot 6 November 1984 se gebeure betref, die getuie Nkosi het gesê dat hy BEWYSSTUK ABA.64 gesien het voor 5 Junie waar dit versprei was. Hy bevestig ook dat op dié dag, 5 November was daar mense fisies gekeer om busse te kry om werk toe te gaan, mense is met sambokke gedryf na hulle huise toe. Hy was ook by 'n vergadering op 6 Januarie 1985 waar dit is 'n COSAS vergadering was en waar skoliere van Tsakane en Duduza ook die vergadering kom bywoon het - dit is op bladsy 315. Dan oor 22 Januarie 1985 se gebeure was hy by gewees en hy sê hierdie Cyril Jantjies was die voorsitter van die vergadering. Volgens die pamflette wat versprei is was dit 'n COSAS-vergadering. Hy het die vergadering as 'n ouer bygewoon. Daar is verduidelik dat die doel van die vergadering was naamlik dat die skoliere versoek dat die sogenaamde Bantoe onderwys afgeskaf moet word en hulle wil nie hê die departement moet inmeng in wat hulle skoliere

K1457 wil doen nie. Die polisie is verjaag nadat 'n persoon met 'n COSAS T-hemp aan gesê het die polisie is hier, "die honde moet uitgaan". Toe moes die polisie die vergadering verlaat. Hierdie vergadering was ook gekenmerk volgens Nkosi deur vryheidsliedere wat gesing was, die skoliere wat tussen die sprekers ronddans en vryheidsliedere sing en dit is op bladsy 416, paragraaf - die laaste paragraaf. Dan die dokumentêre getuienis, dit is BEWYSSTUK C.118, is dit weer duidelik dat UDF eerstens verklaar: "our victories in die past few weeks", dit is nou ongeveer twee weke na die Vaal-opstande, maak hulle nuwe voorstelle om die

aanhoudings-/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aanhoudings- en ander onderdrukkende maatreëls deur die staat oneffektief te maak. Dan word daar gesê dat areakomitees ingestel word, een vir KwaThema en dit gaan die taak wees van dié komitee om die gemeenskap, werkers, skoliere en ander groepe se "struggles" te help veg. Dan BEWYSSTUK W.21 dit is 'n SASPU Focus van November 1984 toon die dokument aan hoe suksesvol die wegbly-aksie van 5 November 1984 was en staaf die getuienis van Nkosi ten opsigte van die intimidasie van werkers. Die dokument op bladsy 8 bevestig die gewelddadige konfrontasie tussen die skoliere en die polisie in KwaThema. Paragraaf 7.2.3 op bladsy nege van die dokument word bevestig dat die student/parent-komitee ook in KwaThema gestig is "in support of boycotting students at Mabopane Technikon, NGOYE and Transkei Universities". Dit blyk dus weer gedoen te gewees het om eenheid tussen ouers en skoliere te verkry vir aksie en glad nie vir oplossing van die skoleprobleme nie. Dan BEWYSSTUK ABA.64 wat handel oor 5 tot 6 November 1984 se wegbly-aksie word betoog dat hierdie dokument toon dat UDF se geaffilieerdes betrokke was by die wegbly-aksie en dan verwys ons na BEWYSSTUK AB.7, die sesde dokument, wat aantoon dat ERAPO, COSAS en FOSATU die wegbly-aksie gesteun het en dit was 'n sukses sover dit KwaThema betref. Ons sê in BEWYSSTUK ABA.49 is dit duidelik dat daar weer gebruik gemaak word hierso van knelpunte soos huur, die sogenaamde onderdrukking om die massas op te sweep. Dan sê ons met respek dit is uit die getuienis as geheel dat COSAS agter die organisasie van die skoliere rondom die skoleprobleem in KwaThema is en dat die stellings wat die verdediging gemaak het, naamlik dat MAWU en FOSATU die leidende ligte was in die parent/student-komitee is

nooit / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nooit bewys nie in die lig van die getuienis van Nkosi dat hy dit ontken het, is daar geen verdere getuienis aangebied om dit te bewys nie. Soos dit uit BEWYSSTUK C.118 blyk was UDF self besig om die skole, gemeenskap en werksorganisasies se "struggles" te voer en te koördineer. Dit is verder duidelik dat die skoliere met die polisie in gewelddddadige konfrontasie was en dat hulle inderdaad die polisie as hul teikens uitgesoek het. Ons sê verder uit BEWYSSTUK ABA.64 en BEWYSSTUK AB.7 is dit duidelik dat ERAPO, COSAS en FOSATU in KwaThema hierdie wegbly-aksie wat 'n sukses was, gereël het en dit blyk uit die onbetwiste getuienis van Nkosi dat hierdie wegbly-aksie met geweld afgedwing was. Ons sê dan verder by gebrek aan enige getuienis van die verdediging word dit betoog kan die hof slegs een redelike afleiding kan maak naamlik dat dit COSAS, ERAPO en FOSATU was wat ook agter die gewelddadige afdwinging van die wegbly-aksie was.

------------

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.